Rainbow WORKBOOKS

AFRIKAANS HOME LANGUAGE
GRADE 6 – BOOK 1
TERMS 1 & 2
ISBN 978-1-920458-72-0
THIS BOOK MAY NOT BE SOLD.
12th Edition

ISBN 978-1-920458-72-0
9 781920 458720

a b c d e
f g h i j
k l m n o p
q r s t u
v w x y z

AFRIKAANS HUISTAAL – Graad 6 Boek 1

ISBN 978-1-920458-72-0

Hersien volgens die KABV



Graad 6

Naam:

Klas:

basic education
Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# AFRIKAANS HUISTAAL

Boek 1
Kwartaal 1 & 2



Mev. Angie Motshekga,
Minister van Basiese Onderwys



Dr. Reginah Mhaule,
Adjunkminister van Basiese Onderwys

Hierdie Werkboeke is vir Suid-Afrika se kinders ontwikkel onder leiding van die Minister van Basiese Onderwys, mev. Angie Motshekga, en die Adjunkminister van Basiese Onderwys, dr. Reginah Mhaule.

Die Reënboog-Werkboeke maak deel uit van 'n reeks intervensies deur die Departement van Basiese Onderwys met die doel om die prestasie van Suid-Afrikaanse leerders in die eerste ses grade te verbeter. Hierdie projek is 'n prioriteit van die Regering se Plan van Aksie en is moontlik gemaak deur die ruim befondsing van die Nasionale Tesourie. Die Departement is hierdeur in staat gestel om hierdie Werkboeke gratis in al die amptelike tale te voorsien.

Ons hoop dat u as onderwyser hierdie Werkboeke in u daaglikse onderrig nuttig sal vind en ook sal verseker dat u leerders die kurrikulum dek. Al die aktiwiteite in die Werkboeke het ikone om aan te dui wat die leerders moet doen.

Ons hoop van harte dat leerders dit gaan geniet om die boeke deur te werk terwyl hulle leer en groei, en dat u as onderwyser dit saam met hulle sal geniet.

Ons wens u en u leerders alle sukses in die gebruik van hierdie Werkboeke toe.

# VERANTWOORDELIKHEDE VAN DIE JEUG VAN SUID-AFRIKA

## Gelykheid

Behandel elke persoon met gelykheid en billikheid. Moenie diskrimineer nie.



## Menswaardigheid

Respekteer almal. Wees vriendelik en gee om vir ander.



## Lewe

Alle lewe is kosbaar. Behandel alle lewe met respek.



## Gesin en familie



Eer en respekteer jou ouers. Wees vriendelik en lojaal teenoor jou gesin en familie.


## Onderwys

Woon die skool by, leer en werk hard. Gehoorsaam die skool se reëls.



## Werk

Help jou gesin met werk in die huis. Kinders mag nie gedwing word om buite die huis te werk nie.



## Vryheid en sekuriteit



Moenie ander mense seermaak, boelie of intimideer nie, en moenie toelaat dat ander dit doen nie. Besleg geskille op 'n vreedsame manier.

## Eiendom

Respekteer die eiendom van ander. Moenie eiendom beskadig nie, en moenie steel nie.



## Religie, oortuiging en menings

Respekteer die oortuigings en menings van ander.



## Veiligheid



Sorg vir die aarde. Moenie water of elektrisiteit vermors nie. Sorg vir diere en plante. Hou jou huis en gemeenskap skoon en veilig.

## Burgerskap



Wees 'n goeie, getroue burger van Suid-Afrika. Gehoorsaam die wette, en maak seker dat ander dit ook doen.

## Vryheid van uitdrukking

Moenie leuens en haat versprei nie. Moenie ander beledig of krenk nie.



Published by the Department of Basic Education
222 Struben Street
Pretoria
South Africa

© Department of Basic Education
Twelfth edition 2022

ISBN 978-1-920458-72-0

**This book may not be sold.**

The Department of Basic Education has made every effort to trace copyright holders but if any have been inadvertently overlooked, the Department will be pleased to make the necessary arrangements at the first opportunity.

Grad 6

# Huistaal

## IN AFRIKAANS





Hierdie boek behoort aan:

AFRIKAANS

Boek 1



# RIGLYNE VIR DIE GEBRUIK VAN HIERDIE WERKBOEK

Gebruik hierdie Werkboek saam met u ander hulpbronne. Raadpleeg die KABV vir die Intermediêre Fase.

Dit is vir ons aangenaam om hierdie Werkboek vir Huistaal in die Intermediêre fase aan u beskikbaar te stel.

In die Intermediêre Fase behoort leerders die basiese interpersoonlike kommunikasievaardighede wat hulle in sosiale situasies nodig het, asook die kognitiewe akademiese vaardighede wat hulle vir leer oor die hele kurrikulum heen nodig het, te ontwikkel.

Ons hoop dat hierdie Werkboek vir u van waarde sal wees terwyl u leerders help om hierdie vaardighede te ontwikkel.

Die Werkboek is volgens die tweeweeklikse siklusse van die KABV georganiseer. U sal 'n oorsig van wat in elke tweeweeklikse siklus gedek sal word, op bladsy 1, 35, 69 en 103 van hierdie Werkboek aantref. Elke tweeweeklikse siklus dek die volgende vier taalvaardighede:




### 1 Luister en praat (mondeling) – 2 uur per siklus

Leerders moet voldoende geleentheid kry om hulle luister- en praatvaardighede te ontwikkel ten einde hulle in staat te stel om inligting in te samel, probleme op te los en idees en menings uit te druk. Die Werkboek bevat 'n aantal praat- en luisteraktiwiteite wat u kan uitbrei om seker te maak dat leerders genoeg mondelinge oefening kry.




### 2 Lees en kyk – 5 uur per tweeweeklikse siklus

Die KABV vereis dat leerders tydens elke tweeweeklikse siklus spesifieke tekste en genres moet lees. Dit sluit die volgende in: kortverhale, volksverhale, persoonlike vertellings, briewe, e-posse, dagboekinskrywings, toneelstukke, koerantberigte, tydskrifartikels, radio-onderhoude, gedigte, oorredende tekste, advertensies, instruksies, aanwysings en prosedures. Daarbenewens skryf die KABV voor dat leerders inligtingstekste met visuele elemente moet lees: kaarte, tabelle, diagramme, breinkaarte, weerkaarte, plakkate, kennisgewings, prente en grafieke. U sal 'n goeie verskeidenheid van hierdie tekste in die Werkboek aantref.

Die KABV spesifiseer 'n leesproses bestaande uit pre-lees-, lees- en post-leesstadia. 'n Bruikbare grafiese uiteensetting van die leesproses verskyn op die omslag van hierdie boek.





### 3 Skryf en aanbied – 4 uur per tweeweeklikse siklus

Die KABV skryf voor dat leerders gereeld die geleentheid moet ontvang om te oefen hoe om tekste in verskillende kontekste te skryf. Die Werkboek voorsien 'n aantal verskillende skryfraamwerke en grafiese organiseerders waarbinne leerders geskrewe, visuele en multimediatekste kan aanbied. U sal 'n grafiese uiteensetting van die skryfproses op die omslag van hierdie boek aantref.




### 4 Taalstrukture en -konvensies – 1 uur per tweeweeklikse siklus

Die KABV voorsien 'n lys taalstrukture en -konvensies (-items) wat in elke graad gedek behoort te word. Die Werkboek sluit spesifieke oefeninge vir elk van die tweeweeklikse siklusse in. Hierdie aktiwiteite bevat meestal notas waarin die taalkonvensies verduidelik word.




Raadpleeg asseblief die Werkboekopleidingshandboek.

# Inhoud



## Tema 1: Feit en fiksie


**Nuusberigte**
**Kwartaal 1: Week 1 – 2**

**1 Wat sê die nuus?** 2
Lees en vergelyk vier nuusberigte.
Let op die hoofopskrif, naamreël en byskrifte.

**2 Lees die nuus** 4
Bespreek die vier nuusberigte.
Identifiseer die hoofopskrif, naamreël, datum, kern- of inleidende paragraaf en die gebruik van prente en byskrifte.
Beantwoord vrae oor die berigte en identifiseer konvensies.
Begripsoefening op grond van berigte. Identifiseer hoofopskrif, naamreël en kernparagraaf, en gee antwoorde op die vrae Wie, Wat, Waar, Wanneer en Waarom.
Doen woordeskat- en woordbetekenis-oefeninge op grond van nuusberigte. Bespreek hoe hoofopskrifte die leser se aandag trek.
Bespreek gebare en gesigsuitdrukkings met behulp van prente, foto's en byskrifte.

**3 Skryf 'n koerantberig** 6
Beplan en skryf 'n nuusberig met behulp van die 5 W-vraagwoorde.
Bespreek idees met groep.
Gebruik die stappe in die skryfproses: dinkskrum, beplan, eerste weergawe, redigering en aanbieding.
Skryf nuusberig in die verlede tyd.
Gebruik 'n hoofopskrif, 'n naamreël en ander konvensies. Volg 'n duidelike struktuur: begin, middel en einde.
Berei 'n toespraak op grond van 'n nuusberig voor en bied dit aan.
Berei notas vir die toespraak voor. (Verlede tyd.)
Teken nuwe woorde en hul betekenisse in persoonlike woordeboek aan.

**4 Woordsoorte** 8
Voltooi sinne met behulp van die korrekte woordsoorte.
Ondersoek die verskille tussen gesproke taal en geskrewe taal.
Verdeel woorde in lettergrepe.
Kyk weer na stamwoorde.
Rangskik woorde in alfabetiese volgorde.
Identifiseer kort klanke, lank klanke en diftonge (of tweeklanke).
Teken nuwe woorde en hul betekenisse in persoonlike woordeboek aan.

**5 Skooldogter red seun se lewe** 10
Lees 'n koerantberig.
Fokus op die hoofopskrif, die naamreël, die datum en byskrifte.
Begripsoefening: Beantwoord vrae op grond van die berig.
Vertel die storie in die korrekte volgorde.
Bespreking van eiename.
Identifiseer eiename en soortname.

**6 Werk met woorde en sinne** 12
Bespreking van byvoeglike naamwoorde.
Identifiseer byvoeglike naamwoorde.
Voorsien sinne van die nodige leestekens.
Skryf 'n paragraaf in die korrekte volgorde oor. Laat sinne weg wat nie met die onderwerp verband hou nie.

**7 Ons bly gesond** 14
Lees twee koerantberigte.
Fokus op die konvensies: die hoofopskrifte, die kernparagrawe, die prente en die hoofonderwerp.
Begripsoefening oor die berig.
Vergelyk die twee berigte.
Vertolk 'n spotprent oor die onderwerp.
Teken nuwe woorde en betekenisse in eie woordeboek aan.

**8 Gesels oor die nuus** 16
Berei 'n toespraak voor en lewer dit.
Ontwerp 'n plakkaat om die toespraak te illustreer.
Beoordeel die toespraak en die plakkaat volgens gewewe maatstawwe.
Woordverdeling en lettergrepe.
Identifiseer die vier sinstipes.

**Volksverhale**
**Kwartaal 1: Week 3 – 4**

**9 Hoe Haas vir Olifant en Walvis om die bos gelei het** 18
Bekendstelling met volksverhale.
Pre-lees en voorspelling op grond van die titel en visuele leidrade.
Lees 'n volksverhaal met beklemtoning van die karakters, die agtergrond en die intrige.
Teken nuwe woorde en betekenisse in eie woordeboek aan.

**10 Dink na oor Haas, Walvis en Olifant** 20
Fokus op stereotipes, morele lesse, en die menslike eienskappe van diere.
Begripsoefening op grond van die inhoud en afleidings.
Kies byvoeglike naamwoorde om die haas te beskryf.
Gebruik byvoeglike naamwoorde om 'n karakterskets van die haas te skryf.
Skryf 'n karakterskets van 'n persoon.

**11 Hoe Haas vir Leeu en Krokodil 'n streep getrek het** 22
Voorspelling van storie aan die hand van visuele leidrade.
Skryf die storie met behulp van 'n raamwerk met sleutelwoorde en illustrasies.
Volg al die pre-skryfstadia: dinkskrum, beplanning, eerste konsep, redigering en aanbieding.
Lees die storie hardop aan die klas of groep voor.

**12 Verskillende tipes selfstandige naamwoorde** 24
Bespreking van eiename, soortname, versamelname en abstrakte selfstandige naamwoorde.
Identifiseer verskillende selfstandige naamwoorde.
Verskaf eie voorbeelde.
Bespreking van idiome en gesegdes.
Skryf hul betekenisse neer en teken prente om hulle te illustreer.
Woordeskat: antonieme.

**13 Die man wat skaduwee gekoop het** 26
Voorspelling van die storie op grond van visuele leidrade en opskrifte.
Bespreek die storie: karakters, agtergrond en intrige.
Teken nuwe woorde en hul betekenisse in eie woordeboek aan.

**14 Dink na oor die storie** 28
Doen 'n rolspel op grond van die storie, maar bedink 'n nuwe slot.
Verbind selfstandige naamwoorde en byvoeglike naamwoorde.
Verstrek die antonieme.
Bekendstelling met metafore.
Illustreer een van hulle.
Die teenwoordige, verlede en toekomende tyd.

**15 Meer oor taal** 30
Bespreking van voegwoorde.
Gebruik voegwoorde om sinne te verbind.
Skryf woorde in alfabetiese volgorde.
Verdeel dit in lettergrepe.
Verbind gesegdes met hul betekenisse.
Teken nuwe woorde en hul betekenisse in eie woordeboek aan.

**16 Die tydspeletjie** 32
Hersiening van die teenwoordige, verlede en toekomende tyd in die vorm van 'n bordspeletjie.
Selfkontrolering aan die hand van uitkomste.
Teken nuwe woorde en hul betekenisse in eie woordeboek aan.






# 1 Wat sê die nuus?

**Voordat jy lees**
- Kyk na die prente en opskrifte en probeer voorspel waaroor die teks sal handel.
- Vluglees die bladsy om 'n aanduiding van die inhoud te kry.

**Terwyl jy lees**
- Vergelyk jou voorspellings met die teks.
- As daar iets is wat jy nie verstaan nie, lees dit weer stadig deur. Lees dit hardop.



**Ons praat**

Kyk na die hoofopskrifte en foto's van die vier koerantberigte, soos gepubliseer op Vrydag 23 Januarie 2015, en vertel vir jou maat waaroor jy dink die berigte handel. Lees dan die inleidende paragraaf van elke berig en probeer om te voorspel waaroor die res van die berig handel.



**Ons lees**

## 'n Nuwe skool vir Nuwedorp

Jan Roux, Opvoedkundige Verslaggewer

**Inleiding**

Die agbare Minister van Onderwys het Maandag tydens 'n openingseremonie 'n nuwe laerskool in Nuwedorp geopen.

Die minister het die gaste meegedeel dat die nuwe skool gebou is om die groeiende aantal kinders te akkomodeer.

Sy het gesê: "Die inwonertal in die area het aansienlik gegroei sedert die opening van die myn in Nuwedorp. Baie gesinne het hierheen verhuis op soek na werk."

Aangesien ouers van oral in die land hierheen migreer het, sal die taal van onderrig in die skool Engels wees.

Spesiale geleenthede sal egter geskep word om seker te maak dat leerders die geleentheid ontvang om in hul moedertale (Sepedi, isiXhosa, isiZulu en Afrikaans) te leer praat, lees en skryf.

Die gemeenskap was beïndruk met die ontwikkeling van die skool, en die ouers het saam met die minister aan 'n boomplantseremonie deelgeneem.

Die ontwikkeling van 'n biblioteek en tuine word reeds beplan.

Die 12-jarige Marlize Erasmus het glimlaggend gesê: "Ek is so opgewonde om in 'n nuwe skool met Graad 6 te begin. Ek gaan my werk met nuwe moed aanpak."



## In rook verdwyn



Jabu Dube, Nuusverslaggewer

**Inleiding**

'n Elektriese fout veroorsaak dat 'n bus aan die brand slaan en in rook opgaan.

Vier dae gelede moes jong passasiers op die Sonvalleibus die bus deur die noodvenster ontruim.

"Ons was gelukkig dat ons ons skooltasse uit die bus kon kry," het 'n verligte Daan Steyn gesê.

Die passasiers was gestrand aangesien die busmaatskappy nie 'n alternatiewe bus kon voorsien nie.

Die busmaatskappy gaan nou al sy busse versien om seker te maak dat die voorval nie weer gebeur nie.

Datum:

# Wat 'n nederlaag!

Hoofopskrif



Ann MacDonald,
Sportverslaggewer

Naamreël

Die afgelope sokkerseisoen is die Westelike Vegterspan 'n doring in die vlees van die Super Dogtersokkerspan.

Tydens Dinsdag se wedstryd het Super Dogters se Mary Sithole 2 doele aangeteken, terwyl Rita Smit en Louise Parker ook elk 'n doel aangeteken het en Westelike Vegters by die Nuwedorpstadion 'n pak slae van 4–0 besorg het.

"Die oorwinning was vir ons baie belangrik," het die afrigter gesê. "Die vorige twee jaar het hulle ons geklop, daarom was dit vir ons baie lekker om uiteindelik die oorwinning te smaak."

Hoe gebeur dit dus dat 'n span wat altyd teen sy ou vyand verloor het, meteens 'n oorwinning van 4–0 behaal? Volgens die afrigter van die Super Dogters lê die geheim in die verdediging, deurdat hulle die Vegters slegs drie geleenthede gebied het om 'n doel aan te teken.

"Alhoewel ons kaptein beseer was, het ons ons reserwes die geleentheid gegee om te speel, en hulle het hulle uitstekend van hulle taak gekwyt," sê die afrigter.

"Die oorwinning het ons werklik gemotiveer!" sê Mary Sithole. "Wanneer ons so goed saamspeel, voel dit asof ons enige span kan klop."

# Seun red kleuter

'n Driejarige dogter is uit 'n rivier gered deur 'n skoolseun, Dumisani Mkize, van die Nuwedorpskool in KwaZulu-Natal.

Twee dae gelede is die kleuter in die sorg van haar agtjarige suster gelaat. Die sussie het besig geraak en nie opgemerk dat die kleuter afdwaal rivier toe nie. Mev. Dlamini van die Departement van Sosiale Ontwikkeling sê dat alle kinders altyd onder die toesig van 'n verantwoordelike volwassene moet wees.




Byskrif

Twaalfjarige Dumisani Mkize red kleuter.

# Lees die nuus







**Ons skryf**

Lees die berigte weer en vul dan antwoorde op die vrae in.

| No. | Wat is die hoofopskrif? | Wat is die naamreël? | Wanneer het die gebeurtenis plaasgevind? Werk die datum uit. |
|---|---|---|---|
| 1 | | | |
| 2 | | | |
| 3 | | | |
| 4 | | | |



**Ons skryf**

Verbind die woorde links met hul betekenisse regs.

| | |
|---|---|
| inwonertal | verhuis van een area na 'n ander |
| aansienlik | al die inwoners van 'n area |
| migreer | ander, plaasvervanger |
| ontruim | sonder vervoer gelaat |
| gestrand | heelwat |
| alternatiewe | gebeurtenis |
| voorval | ontsnap |



**Ons praat**

Kyk na hierdie hoofopskrite en voorspel waaroor die berigte handel. Hoe trek hulle ons aandag?

















Ons praat

Kies twee van die nuusberigte en bied hulle vir 'n TV-nuusprogram aan.




| **Wat het gebeur?** | **Wie was betrokke?** |
|---|---|
| | |
| | |
| | |
| | |





Ons praat

Koerante maak dikwels van foto's gebruik. Lees die gebare en gesigsuitdrukkings van hierdie mense en kies dan die byskrif wat by elke prent pas. Vul die korrekte nommers in.

1 Laduma! Ons is die wenners!

2 Ek wil nie skool toe gaan nie!

3 Waarom moet ek altyd huiswerk doen?

4 Jy moet vars vrugte en groente eet en vette uitsluit.


5 Dit is belangrik dat kinders elke dag moet lees.


6 Ek is so gelukkig!














# 3 Skryf 'n koerantberig




Ons doen

Beplan jou eie nuusberig. Bespreek die vrae op die geheuekaart met jou maat.





1. Wat het gebeur?
2. Wanneer het die voorval plaasgevind?
3. Wie was betrokke?
4. Waar het dit plaasgevind?
5. Hoekom?



- Gebruik 'n geheuekaart om jou te help om jou skryfstuk te beplan.
- Skryf dit eers op rofwerkpapier.
- Vra 'n maat om dit vir jou te korrigeer.
- Hersien jou teks en bring die nodige korreksies aan.
- Skryf dit dan netjies in jou boek oor.

## SKRYF 'n NUUSBERIG

- Dink aan 'n treffende hoofopskrif.
- Eerste paragraaf: In die eerste twee sinne moet jy vir jou leser vertel wie, wat, wanneer, waar en hoekom of hoe. Probeer jou leser se aandag trek deur met 'n snaakse, slim of verrassende stelling te begin.
- Middelste paragraaf: Voorsien die leser van die volledige inligting. Sluit een of twee aanhalings in van mense met wie jy onderhoude gevoer het. Gebruik aanhalingstekens om te wys wat hulle gesê het.
- Laaste paragraaf: Sluit af met 'n aanhaling of 'n interessante frase.





Ons skryf

Skryf jou eie nuusberig nou op die volgende bladsy. Gee jou koerant 'n naam. Maak seker dat jou hoofopskrif treffend is. Skryf jou nuus met behulp van die notas op jou geheuekaart.

Wanneer jy klaar is, ruil met 'n paar maats uit sodat julle mekaar se nuusberigte kan lees. Kyk wie die interessantste berig geskryf het.

Datum:

Naam van koerant en datum

Hoofopskrif

Naamreël

Inleiding

Teken 'n prent en skryf 'n byskrif.

Wat het gebeur en waar het dit gebeur?

Wie was betrokke en wat was die gevolge?



ONDERWYSER: Teken ______ Datum ______

# Woordsoorte

Hoeveel kan jy nog van woordsoorte onthou?




**Ons skryf**

Voltooi die sinne deur die korrekte woordsoort uit die raampies te kies.

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| lidwoorde | voegwoord | hoofwerkwoord | selfstandige naamwoorde | byvoeglike naamwoord |

| |
|---|
| ______________________ is die name van mense, diere, dinge en plekke. |
| 'n ______________________ beskryf die selfstandige naamwoord. |
| **Die** en **'n** is ______________________. |
| 'n ______________________ verbind twee sinne of frases. |
| Die ______________________ is die aksiewoord in die sin. |



**Ons skryf**

Identifiseer die woordsoorte in die volgende sinne en vul die woorde dan in die onderstaande tabel in.

| |
|---|
| Die passasiers was gestrand omdat die busmaatskappy nie 'n alternatiewe bus kon voorsien nie. |
| Die kleuter is in die sorg van haar agtjarige sussie gelaat. |
| Die gemeenskap was beïndruk met die ontwikkeling van die skool. |

| Lidwoord | Voegwoord | Hoofwerkwoord | Selfstandige naamwoord | Byvoeglike naamwoord |
|---|---|---|---|---|
| | | | | |
| | | | | |
| | | | | |
| | | | | |

Daar is 'n verskil tussen 'n klank en 'n letter. Klanke is dit wat mense hoor, terwyl letters geskryf word.

| GESPROKE TAAL | GESKREWE TAAL |
|---|---|
| spraak | skrif |
| klank | letters |
| uitspraak | spelling |

Onthou, jy kan 'n woord slegs aan die einde van 'n **lettergreep** afbreek.

plakkers pla-kkers (klankgreep)
plakkers plak-kers (lettergreep)

**Ons skryf**

Verdeel hierdie woorde in **lettergrepe**.

| | | |
|---|---|---|
| 1 | passasiers | pas-sa-siers |
| 2 | alternatiewe | |
| 3 | busmaatskappy | |
| 4 | beïndruk | |
| 5 | ontwikkeling | |
| 6 | agtjarige | |

Datum:

# Werk met woorde




Kan jy onthou wat die basisvorm van 'n woord is?
'n Woord se kleinste betekenisvolle eenheid word sy **basisvorm** of **stam** genoem.

Onderstreep die basis van hierdie woorde.

| | |
|---|---|
| geopen | meegedeel |
| verhuis | verligte |
| gestrand | busse |
| verdediging | volwassene |







## Ons skryf

Lees die woorde in die eerste ry en skryf hulle dan in alfabetiese volgorde in die tweede ry oor.

| ALFABETIESE VOLGORDE | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| kleuter | skool | dogter | sokker | busse | afrigter | minister |
| | | | | | | |

Onderstreep die **selfstandige naamwoorde** in hierdie sinne.

| | |
|---|---|
| Nuwedorpskool hou 'n boomplantseremonie. | |
| Dumisani het die kleuter gered. | Die passasiers was angsbevange. |
| Die ouers was baie opgewonde. | Die kinders het hulle tasse gegryp. |

Onthou jy nog dat daar drie vokaalgroepe is?

- **Vokaalgroep 1 (tweeklanke): raai, ywerig, trui**
- **Vokaalgroep 2 (lang klanke): aangenaam**
- **Vokaalgroep 3 (kort klanke): was**

Soek in die koerantberigte woorde uit al die vokaalgroepe en vul hulle in die tabel in.

| Tweeklanke | Lang klanke | Kort klanke |
|---|---|---|
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |

Lees hierdie sinne en omkring die werkwoorde, onderstreep die selfstandige naamwoorde met **rooi** en onderstreep die byvoeglike naamwoorde met **blou**.

| | |
|---|---|
| Dumisani red die benoude kleuter uit die rivier. | Die kleuter se agtjarige sussie het haar opgepas. |
| Die verslae busbestuurder was stom geslaan. | Die dankbare ouers bedank die minister. |
| Die opgewonde kinders neem spontaan aan die boomplantseremonie deel. | |



ONDERWYSER: Teken Datum

# 5 Skooldogter red seun se lewe

- Kyk eers na die hoofopskrif en na die foto voordat jy die berig lees. Probeer voorspel waaroor die berig handel.



Ons lees

E. Smith, Nuusverslaggewer

Maandag 27 Februarie 2015

## Jong swemmer tree as lewensredder op

Bongi Shabalala, 'n 12-jarige Graad 5-leerling aan die Kromdraailaerskool, het 'n skoolseun gered wat amper in 'n dam verdrink het. Agtjarige Michael Naidoo het Vrydagmiddag in die Blouklimpdam naby die skool gaan swem. Volgens berigte het die Graad 3-seun probeer om uit 'n boom te duik, maar hy het sy kop teen 'n tak gestamp voordat hy die water getref het. Bongi, wat op pad huis toe was van die skool af, het die seun in die dam sien dryf. Sy het dadelik ingeduik en die seun gered. Sy is kaptein van haar skool se swemspan en het ook 'n sertifikaat in noodhulp verwerf.



Bongi het met die seun wal toe geswem en mond-tot-mond-asemhaling toegepas om hom by te bring. Die Rooi Kruis sê dat sulke lewensreddingstegnieke nie moeilik is nie, maar dat 'n mens vinnig moet optree. Indien iemand ophou asemhaal, moet hy of sy dadelik hulp kry.

Gelukkig het Bongi se maat, Annetjie Venter, ook net toe by die ongelukstoneel verbygestap. Danksy haar hond se geblaf het sy Bongi en die seun ontdek. Sy het dadelik die skoolhoof in kennis gestel, wat die nooddienste ontbied het.

Bongi gaan 'n toekenning vir dapperheid ontvang omdat sy Michael Naidoo se lewe gered het.

Die hoof, Mev. Makhanya, sê dat sy die leerders gewaarsku het om nie stout te wees nie. Hulle mag nie alleen by die dam gaan speel nie.

Die hoof vra dat alle leerders noodhulpklasse en swemlesse moet bywoon.




Ons praat

Vertel jou maat wat in die koerantberig gerapporteer word. Maak seker dat jy die gebeure in die korrekte volgorde oorvertel.



Datum:



Ons skryf

Lees weer die koerantberig. Onderstreep die **eiename** (name van mense en plekke) met rooi en die **soortname** (name van dinge) in blou.



Wat is die hoofopskrif van die berig?

Wat is die naamreël?

Wanneer het die ongeluk plaasgevind? (Leidraad: Werk dit met behulp van die koerant se datum uit.)

Beskryf in drie sinne wat met Michael Naidoo gebeur het. Begin jou sinne met die woorde wat gegee word.

| 1) Eers | 2) Toe | 3) Uiteindelik |
|---|---|---|
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |

Watter twee vaardighede het Bongi gehad wat Michael se lewe gered het?

Daar is 5 soorte selfstandige naamwoorde. Twee van hulle is eiename en soortname.

Lees weer die koerantberig. Onderstreep die **eiename** (name van mense en plekke) met rooi en die **soortname** (name van dinge) in blou.

| PERSOON | | PLEK | | DING | |
|---|---|---|---|---|---|
| Bongi | | Kromdraailaerskool | | boom | |
| | | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |

ONDERWYSER: Teken Datum

# Werk met woorde en sinne



## Byvoeglike naamwoorde

- In 'n sin beskryf die byvoeglike naamwoord altyd die selfstandige naamwoord.
- Jy kan toets of iets 'n byvoeglike naamwoord is deur jouself af te vra of dit trappe van vergelyking het.
- Byvoeglike naamwoorde het ook soms intensiewe vorme, soos "spierwit".



Ons skryf Onderstreep die **byvoeglike naamwoord** in elke sin.

1. Bongi Shabalala is 'n dapper dogter van die Kromdraailaerskool.
2. Michael Naidoo is 'n avontuurlustige agtjarige seun.
3. Michael het uit 'n baie hoë boom geduik.
4. Bongi het 'n goue sertifikaat in noodhulp verwerf.
5. Annetjie Venter is 'n slim meisie.
6. Annetjie se oplettende hond het haar aandag getrek.
7. Die toegewyde hoof het die nooddienste ontbied.
8. Michael se dankbare ouers het Bongi bedank.
9. Die streng hoof het die kinders belet om alleen dam toe te gaan.
10. Bongi het 'n lekker vrugtemandjie van Michael ontvang.


**Skryf hierdie sinne oor en voorsien hulle van die nodige hoofletters, skryf- en leestekens.**

bongi het n avontuurlustige seun van verdrinking gered

die seun het uit n hoe boom geduik

bongi het die seun op sy rug laat le en mond tot mond asemhaling toegepas

Datum:



Ons skryf

Lees die onderstaande sinne en trek die sinne dood wat nie oor die onderwerp handel nie. Gebruik die oorblywende sinne om ’n paragraaf te skryf. Maak seker dat jy die sinne in die korrekte volgorde plaas.

Onthou, ’n goeie paragraaf moet slegs een onderwerp hê. Die beste plek om die onderwerp te noem, is in die eerste sin. Indien jy ’n ander onderwerp wil aanroer, moet jy met ’n nuwe paragraaf begin.

- Bongi red ’n seun. (Onderwerpsin)
- Die seun het uit ’n boom geduik, sy kop teen ’n tak gestamp en in die water geval.
- Sy het die seun in die water gesien.
- Die blare is groen.
- Sy het ingeduik en hom gered.
- Dit is ’n mooi dam.
- Gelukkig het Bongi by die dam verbygestap.





Ons skryf

Onderstreep die hoofgedagte in elke sin.

- My maat verpas die bus byna elke oggend.
- My selfoon het geval en aan stukke gespat.
- Ek gaan elke tweede dag kooroefening toe.
- Ek het die boek weggegooi omdat hy nat geword het.

ONDERWYSER: Teken Datum

# 7 Ons bly gesond





Ons lees

- Daar is twee nuusberigte op hierdie bladsy.
- Lees die hoofopskrifte en kyk na die prente.
- Waaroor dink jy handel die berigte?
- Dink jy die twee berigte het enigiets met mekaar gemeen?

Daaglikse nuus — 13 Maart 2015

## Nuwe rookwette beskerm kinders

Meer as die helfte van die wêreld se kinders asem lug in wat deur tabakrook besoedel is, en byna 5% van alle brande in Suid Afrika word deur sigarette veroorsaak.

Die nuwe antirookwette bied addisionele beskerming vir kinders.

Die Wêreldgesondheidorganisasie waarsku ons dat passiewe rook (die inaseming van iemand anders se sigaretrook) 'n gesondheidsrisiko inhou, veral vir kinders.

Die nuwe Suid-Afrikaanse rookwette wil probeer voorkom dat mense naby aan kinders rook.

Dit sal kinders beskerm teen skadelike sekondêre rook wat asma, hyging, brongitis en ander longsiektes veroorsaak.

Die nuwe rookwette maak dit onwettig om in 'n motor te rook indien daar kinders onder 12 in die voertuig is, en niemand onder 18 word in 'n rookarea toegelaat nie.



Daarbenewens moet sigaretmaatskappye nou foto's op sigaretpakkies aanbring om aan te dui hoe nadelig sigarette vir die gesondheid is. Hulle mag ook nie die terme "lae teerinhoud", "lig" of "matig" gebruik nie.

Sommige sigaretmaatskappy gebruik hierdie terme op hul verpakkings omdat dit mense laat dink dat "ligte" sigarette minder skadelik as gewone sigarette is. Dit is egter misleidend. Ligte sigarette verminder nie die risiko van siektes nie.

Die Nasionale Raad Teen Rook (NRTR) lewer die volgende kommentaar: "Die nuwe wetgewing sal 'n belangrike invloed op openbare gesondheid uitoefen. 22% van Suid-Afrikaners rook en die orige 78% hou nie daarvan om iemand anders se tabakrook in te asem nie.

Rook is 'n aanleidende oorsaak van premature, voorkombare sterftes. Tabak veroorsaak elke jaar die dood van 44 000 Suid-Afrikaners, wat drie keer meer is as die aantal mense wat in motorongelukke omkom."

*National Geographic Kids* — Augustus 2015

## Op in rookwolke

Toe die kinderoppasser Maria Howard die papegaai Willie "Mamma, Baba!" hoor sê het, het sy geweet iets is verkeerd. Sy het gehardloop om te kyk wat gebeur het, en afgekom op die tweejarige Hanna Desai wat aan haar kos gestik het en al blou geword het omdat sy nie asem kon kry nie.

Maria het daarin geslaag om die kos uit haar keel te kry (met behulp van 'n tegniek wat sy in die noodhulpklas geleer het) en Hanna se lewe te red.

Willie die papegaai het geweet Hanna was in die moeilikheid en hy wou haar help. National Geographic se papegaaikenner sê hulle is baie slim voëls. "Hulle kan gevaarlike situasies aanvoel. Hulle ontwikkel sterk bande met mense en is bewus van bedreigings."

Hanna is vandag vrolik en gesond, en Willie laat haar nie onder sy oë uit nie. Hy volg haar oral waar sy gaan en kras heeltyd: "Ek is lief vir jou".

(Aangepas uit *National Geographic Kids*)



Datum:



Ons skryf

Lees albei berigte weer en beantwoord dan hierdie vrae.



Wat het die twee nuusberigte met mekaar gemeen?

Hoe sal die antirookwette kinders beskerm?

Waarom is dit misleidend om die woord "ligte" op sigaretpakkies te gebruik?

Watter kenner word in die berig oor die nuwe rookwet aangehaal?

Watter kenner word in die berig oor die papegaai aangehaal?

Wat beteken passiewe rook?
(Wenk: Kyk na die verduideliking tussen hakies in die nuusberig.)

Wat stel hierdie spotprent aangaande rook voor?



ONDERWYSER: Teken Datum

# 8 Gesels oor die nuus





Ons skryf

Berei 'n toespraak voor om Graad 6-leerders oor die gevare van "passiewe rook" in te lig. Skryf vier hoofgedagtes neer wat jy in jou toespraak gaan gebruik. Gaan jou toespraak volgens die kontrolelys op die oorkantse bladsy na.



Ons doen

Maak 'n plakkaat waarin jy aantoon dat rook naby kinders vir hulle nadelig is. Assesseer jou plakkaat dan volgens die kontrolelys op die teenoorstaande bladsy.

Datum:

**WOORD**
**ERK**

## Woordverdeling

Verdeel hierdie woorde in lettergrepe en skryf hoeveel lettergrepe elke woord bevat. Kies dan 8 van die woorde en gebruik hulle in sinne in jou klaswerkboek.

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| maat/skap/py | 3 | besoedelde | | tabakrook | |
| addisionele | | beskerming | | sekondêre | |
| regulasie | | premature | | papegaai | |
| situasie | | moeilikheid | | tweejarige | |

**Ons skryf** Is dit 'n vraagsin, 'n stelling, 'n uitroepsin of 'n bevelsin?

Vul 'n ? , 'n . of 'n ! in.

Is dit gesond om te rook ☐

Jy moet nie rook nie ☐

Het jy die berig oor die papegaai gelees ☐

Ek stel voor jy lees die berig oor rook ☐

Rook is gevaarlik ☐

Dink jy 'n papegaai is slim ☐



**Ons skryf** Gebruik hierdie kontrolelys om jou plakkaat en toespraak te beoordeel. Maak regmerkies (✓) onder die gesiggies om te wys of dit uitstekend 🙂, goed 🙁 of swak 😐 is.

### Plakkaatkontrolelys

| | 🙂 | 🙁 | 😐 |
|---|---|---|---|
| Trek die opskrif aandag? | | | |
| Het die plakkaat 'n prent wat die boodskap beklemtoon? | | | |
| Dink jy die boodskap sal mense oortuig om nie te rook nie? | | | |
| Is die inligting op die plakkaat akkuraat? | | | |
| Hoe kan die plakkaat verbeter word? | | | |

### Toespraakkontrolelys

| | 🙂 | 🙁 | 😐 |
|---|---|---|---|
| Het ek my toespraak logies uiteengesit? | | | |
| Het ek genoeg inligting oor die onderwerp verskaf? | | | |
| Het ek taal gebruik wat toepaslik vir die gehoor is? | | | |
| Het ek gedurende my toespraak op my gehoor gefokus? | | | |



ONDERWYSER: Teken ______ Datum ______

# Hoe Haas vir Olifant en Walvis om die bos gelei het




- Kyk na die prente en dui aan waaroor jy dink die fabel handel.
- Kyk na die verskillende karakters en die omgewing waarin die storie hom afspeel.
- Lees die eerste en laaste paragraaf van die teks. Probeer voorspel wat gaan gebeur. Kyk dan aan die einde of jy reg voorspel het.

- Elke groep het sy eie gunstelingstories wat mense herhaaldelik oorvertel.
- Die stories word **volksverhale** of **legendes** genoem.
- Hierdie storie is 'n volksverhaal oor 'n haas wat vol streke was.




Eendag wandel Haas op die strand toe sy afkom op Olifant en Walvis, wat met mekaar gesels. Sy wil hoor wat hulle sê, daarom gaan lê sy plat op die sand en luister.

Walvis sê: "Olifant, jy is die sterkste dier op aarde, en ek is die sterkste dier in die see. As ons twee saamwerk, sal ons al die diere kan laat doen wat ons wil."

"Ja," antwoord Olifant, "jy is reg! Dit is 'n goeie idee. Ons moet saamwerk."

Maar Haas sê vir haarself: "Ek gaan nie toelaat dat dit gebeur nie. Hulle gaan nie oor my heers nie. Ek sal hulle 'n streep trek." Sy spring toe hoppetiehop met die strand langs tot in die bos.



Daar kry sy 'n lang, sterk tou. Sy gaan toe terug strand toe om met Walvis te praat.

"Walvis," sê sy, "jy is 'n baie sterk dier. Kan ek jou vra om my te help?" "Ja, natuurlik," sê Walvis, en hy voel baie in sy skik dat hy gevra word om te help omdat hy so sterk is. "Wat kan ek vir jou doen?"

"Wel," sê Haas, "my koei sit in die modder vas, daar in die bos. Kan jy my help om haar uit te trek?"

"Ja," sê Walvis, "ek sal jou graag help."

Haas knoop toe die sterk tou aan Walvis se stert vas.

Sy sê: "Ek gaan gou die ander kant van die tou aan my koei vasmaak.

Wag totdat ek my trom slaan, dan begin jy trek."

Haas laat toe vir Walvis daar op die strand en gaan vir Olifant soek. "Olifant," sê sy, "jy is die sterkste dier. Kan ek jou vra om my te help?"

"Ja, natuurlik," sê Olifant, en hy voel baie in sy noppies dat hy gevra word om te help omdat hy so sterk is. "Wat kan ek vir jou doen?"

**Voordat jy lees**
- Kyk na die prente en opskrifte en probeer voorspel waaroor die teks sal handel.
- Vluglees die bladsy om 'n aanduiding van die inhoud te kry.

**Terwyl jy lees**
- Vergelyk jou voorspellings met die teks.
- As daar iets is wat jy nie verstaan nie, lees dit weer stadig deur. Lees dit hardop.

Datum:



"Wel," sê Haas, "my koei sit in die modder vas, daar in die bos. Kan jy my help om haar uit te trek?"

"Ja," sê Olifant, "dit sal my groot vreugde verskaf om jou te help. Ek is so sterk, ek kan twintig koeie uittrek!"

"Dankie," sê Haas en sy knoop die ander punt van die tou aan Olifant se slurp vas.

"Ek gaan net gou die ander punt van die tou om my koei bind. Wag totdat ek my trom in die bos slaan, dan begin jy trek," sê sy, en op 'n drafstap vertrek sy.

Haas gaan in die bos op 'n klip sit en sy slaan op haar groot trom.

Walvis begin trek, en Olifant begin trek.

Gou-gou span die tou baie styf.

Olifant draai die tou nog 'n keer om sy slurp en Walvis besef hy word strand se kant toe getrek.

Dit maak hom baie kwaad, en hy duik diep in die see in. So gee hy 'n yslike pluk aan die tou!

Dit laat Olifant dwars oor die strand tot in die see in gly.

Olifant word woedend, en hy gee sy beste pluk. Hy trek vir Walvis skoon uit die water uit.

"Wie trek my?" spuit Walvis.

"Wie trek my?" trompetter Olifant.

Toe sien hulle elkeen van hulle hou 'n punt van die tou vas.

"Jy het my gekul!" bulder Olifant.

"Ek sal jou leer om my nie vir die gek te hou nie!" sê Walvis.


Toe begin hulle weer toutrek.

Maar hierdie keer breek die tou, en Walvis en Olifant val albei op hulle rûe.

Dit maak hulle so kwaad dat hulle nie meer met mekaar wil praat nie.

As gevolg hiervan het die twee nooit oor die diere van die land en die diere van die see geheers nie.

En Haas het in die bos gesit en haar dood gelag.



ONDERWYSER: Teken Datum

# Dink na oor Haas, Walvis en Olifant





Ons praat

Gesels met jou maat oor die storie.

- Wat is die intrige van die storie?
- Waarom het Olifant en Walvis beplan om saam te werk?
- Waarom dink jy wou Haas verhoed dat dit gebeur?
- Dink jy Olifant en Walvis praat vandag met mekaar?
- Hoekom dink jy het Haas dit so snaaks gevind?
- Vertel die storie vir jou maat in die korrekte volgorde.

'n Fabel is 'n storie oor magiese wesens, diere, plante en plekke. Dit dra 'n morele boodskap oor.

Baie fabels het diere wat kan praat. Hase en jakkalse is dikwels stereotiepe karakters wat ander karakters uitoorlê.

Wat is 'n stereotipe?



Ons skryf

Wat het Haas gedoen toe sy wou hoor wat Walvis en Olifant vir mekaar sê?

Waarmee moes Walvis en Olifant vir Haas help?

Wat het Haas met die twee punte van die tou gemaak?

Wat het met Walvis en Olifant gebeur?


Hoekom het Haas in die bos in gehardloop?

Sou jy daarvan hou om 'n vriend soos Haas te hê? Waarom?



Datum:





Vul 6 **byvoeglike naamwoorde** in om Haas te beskryf.


Ons skryf

Ons leer die karakters in stories ken deur wat hulle sê en doen, en deur wat ander ons van hulle vertel.





Gebruik die **byvoeglike naamwoorde** om 'n beskrywende paragraaf oor Haas te skryf. Skryf dit eers op rofwerkpapier. Vra jou maat om dit te korrigeer, en skryf die finale weergawe dan in die spasie wat voorsien word. Onderstreep al die **hoofwerkwoorde** wat jy gebruik het met blou.





Beskryf jou beste maat se karakter. Sê waarom hy of sy jou beste maat is, en waarom jy van hom of haar hou. Onthou om die skryfproses te volg: Beplan, eerste weergawe, korrigeer, hersien, finale weergawe en bied aan.

ONDERWYSER: Teken Datum

# Hoe Haas vir Leeu en Krokodil 'n streep getrek het





Ons doen

Kyk sorgvuldig na hierdie 8 prente om te voorspel waaroor die storie handel. Werk saam met 'n maat.

- Sê wat in elke prent gebeur. Hierdie storie is byna dieselfde as die vorige een.
- Vertel die storie nou in die woorde van die diere. Die storie moet dus bestaan uit die dinge wat die diere sê.

Skryf jou eerste weergawe in jou klaswerkboek, en vra jou maat om dit vir jou na te gaan.

Gebruik hierdie woorde om jou te help.

- Gebruik 'n geheuekaart om jou te help om jou skryfstuk te beplan.
- Skryf dit eers op rofwerkpapier.
- Vra 'n maat om dit vir jou te korrigeer.
- Hersien jou teks en bring die nodige korreksies aan.
- Skryf dit dan netjies in jou boek oor.



gestreepte onderbaadjie, blom, warm, hande op heupe, uil in boom, sweterig, kyk na, bok, slaap, gelag, trek en trek, ek is sterker, sterk tou, lag, voël, apie, dik, muis, kwaad




Ons skryf

Skryf jou storie netjies langs die toepaslike prente oor.









Datum:















# Verskillende tipes selfstandige naamwoorde



Jy ken reeds **eiename** en **soortname**. Kom ons dink ook na oor **versamelname** en **abstrakte selfstandige naamwoorde**.

## Soortname

Dit is die name van dinge wat jy kan sien en aanraak. Hulle het ook meervoudsvorme en verkleinvorme.




Skryf nou enkele soortname neer waaraan jy kan dink.

______________________________

______________________________

______________________________

## Eiename

Dit is name van mense of plekke. Hierdie woorde begin altyd met 'n hoofletter.





Vul die name van 'n paar mense en plekke in hierdie tabel in.

| Mense | Plekke |
|---|---|
| | |
| | |

## Versamelname




Dit is name van groepe mense of dinge.




Skryf nog versamelname neer.

______________________________

______________________________

______________________________

## Abstrakte selfstandige naamwoorde

Dit is die name van dinge wat ons nie kan sien, voel, ruik, hoor of proe nie. Hierdie woorde het nie meervoude nie, bv. Die liefde is lankmoedig.




Skryf 'n paar voorbeelde van abstrakte selfstandige naamwoorde neer.

______________________________

______________________________



**Ons skryf**

Sorteer hierdie selfstandige naamwoorde onder die korrekte opskrifte in die kolomme. Gebruik hoofletters vir al die eiename.

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| kalender | geluk | stoel | liefde | anna | prys |
| kombers | jakob | hoop | woede | kennis | tande |
| smit | vertroue | hoed | trots | rekenaar | boek |
| zuma | waarheid | stilte | moed | polokwane | julie |

| SOORTNAME | EIENAME | ABSTRAKTE SELFSTANDIGE NAAMWOORDE | |
|---|---|---|---|
| | | | |
| | | | |
| | | | |
| | | | |
| | | | |
| | | | |

Datum:



# Idiome



Ons skryf

Praat met jou maat oor die betekenis van hierdie idiome.
Skryf neer wat jy dink elkeen beteken.

Baie hande maak ligte werk.

Die skrif is aan die muur.

Sy het die stoute skoene aangetrek.

Hy het hard met die aarde kennis gemaak.

Teken prente om twee van die idiome uit te beeld.

**Antonieme** is woorde met teenoorgestelde betekenisse.

Verbind hierdie woorde met hul **antonieme**. Verdeel al die woorde daarna in lettergrepe.

| rustig | klein | gewoon | eenvoudig | antoniem |
|---|---|---|---|---|
| | | | | |
| uit/son/der/lik | besig | sinoniem | groot | kompleks |

ONDERWYSER: Teken Datum

# 13 Die man wat skaduwee gekoop het



Ons praat

- Kyk na die titel van hierdie werkkaart.
- Dink jy dit gaan 'n ware verhaal wees?

Kyk na die prente en probeer raai van watter land hierdie volksverhaal afkomstig is.

**Voordat jy lees**
- Kyk na die prente en opskrifte en probeer voorspel waaroor die teks sal handel.
- Vluglees die bladsy om 'n aanduiding van die inhoud te kry.

**Terwyl jy lees**
- Vergelyk jou voorspellings met die teks.
- As daar iets is wat jy nie verstaan nie, lees dit weer stadig deur.
- Lees dit hardop.












Ons lees

Lank, lank gelede was daar 'n baie ryk man. Ongelukkig was hy ook 'n baie nare man. Hy was so gemeen en ongeskik dat al die mense in die dorp vir hom bang was. Niemand het dit naby aan sy huis gewaag nie, en niemand het dit gewaag om met hom te praat nie. Een bloedige warm dag het die gemene man in die skadu van 'n boom buite sy huis aan die slaap geraak. Toe hy wakker word, sien hy 'n jong man geniet saam met hom die skadu van die boom.



**Ryk man:** Wat maak jy hier? Gaan weg, dit is my skaduwee hierdie!

**Jong man:** Dit kan nie jou skaduwee wees nie. Die boom behoort aan die dorp.



**Ryk man:** Bog! Hierdie boom en sy skaduwee behoort aan my!


**Jong man:** Wel meneer, dan wil ek graag die skaduwee van die boom by jou koop.

**Ryk man:** Jy kan my skaduwee vir vyf stukke goud koop.

**Jong man:** Hier is dit, meneer, neem gerus die goud. Baie dankie, ek is nou die eienaar van hierdie skaduwee.



Datum:



Die gemene man sit toe die goud in sy sak, lag in sy mou en gaan terug in die huis in. Toe die son begin sak, begin die skaduwee langer en langer rek totdat dit die gemene man se huis bedek. Die jong man stap toe baie selfversekerd die huis binne.

**Ryk man:** Wat maak jy in my huis? Maak dat jy hier wegkom, jou astrante jong man!

**Jong man:** Meneer, die skaduwee van die boom bedek u huis, en die skaduwee behoort aan my. Dus behoort die huis nou ook aan my.



Die gemene man het die huis woedend verlaat. Al die dorpsmense het na die groot huis kom kyk en die skaduwee van die boom geniet. Hulle het die jong man geprys omdat hy hulle gehelp het.

*'n Volksverhaal uit Japan*




Ons praat

Dink jy dis 'n ware verhaal hierdie?

Wat moet ons uit so 'n storie leer?

Waarom dink jy vertel mense in verskillende lande hul kinders sulke stories?



Ons skryf

Lees die storie weer deur en beantwoord dan hierdie vrae.



Wie is die karakters in die storie?

Waarom het die gemene man binnensmonds gelag toe hy die goud in sy sak gesteek het?

ONDERWYSER: Teken Datum


# 14 Dink na oor die storie




Ons doen

Voer 'n rolspel in groepsverband oor die storie op. Julle sal dit maklik vind, omdat dit soos 'n toneelstuk geskryf is.

Julle moet die storie egter 'n ander slot gee. Voer jul rolspel voor die klas op. Besluit watter groep die beste slot bedink het.





Ons skryf

Omkring die **byvoeglike naamwoorde** in elke sin. Onderstreep die **selfstandige naamwoorde** wat beskryf word.

| |
|---|
| Die ryk man het in 'n groot huis gewoon. |
| Die groot boom het 'n lang skaduwee gegooi. |
| Die jong man het 'n groot partytjie vir die dorpsmense gehou. |
| Die slim jong man het in die koel skaduwee gesit. |
| Die gemene, ryk man wou nie toelaat dat dat die seun onder die groen boom sit nie. |

Jy weet dat 'n **selfstandige naamwoord** die naam van 'n persoon, 'n plek of 'n ding is. 'n **Byvoeglike naamwoord** beskryf 'n selfstandige naamwoord. Hier is 'n voorbeeld uit die storie: Hy was 'n **nare** man.

Onderstreep die byvoeglike naamwoord in elk van die volgende sinne. Skryf dan die **antoniem** of teenoorgestelde in die kolom regs. Ons het die eerste een vir jou gedoen.

| | |
|---|---|
| Daar was 'n **ryk** man. | arm |
| Die dorpsmense was bly toe die gemene man weggehardloop het. | |
| Die verheugde dorpsmense het gedans. | |
| Hy was 'n nare man. | |
| Op 'n dag het die man in die skadu van 'n groot boom gesit. | |
| Die jong man het ook in die skadu van die boom gesit. | |
| Die ongeskikte man was woedend. | |
| Die lang skaduwee het oor die huis geval. | |
| Die woedende man verlaat die huis. | |
| Die slim seun het die man uitoorlê. | |



Datum:





Skryf die sinne uit die **teenwoordige tyd** in die **toekomende tyd** en dan in die **verlede tyd** oor. Omkring die **hoofwerkwoord** in elke sin. Let op die verandering van die vorm van die werkwoord.

| | |
|---|---|
| Dit is warm. | Môre sal dit |
| | Gister was dit |
| Dit reën paddas en platannas! | Môre |
| | Gister |
| Ek maak die vloer skoon. | Môre |
| | Gister |
| Ons is besig om vis en skyfies te eet. | Môre |
| | Gister |



**Wat is 'n metafoor?**


"Hy het 'n hart van klip" en "Haar gesig was 'n prentjie" is albei metafore. 'n **Metafoor** is 'n beknopte vergelyking. Een ding ('n hart) word beskryf deur te sê dat dit iets anders ('n klip) is. Ons gebruik nie woorde soos **nes**, **soos**, en **net soos** nie. Metafore word dikwels in gedigte gebruik.






Verduidelik wat elkeen van hierdie metafore beteken. Teken 'n prent om een van hulle te illustreer.

- Hy het 'n hart van goud.
- Hy is die ster van die klas.
- Sy het die hart van 'n leeu.
- Ek hou nie van hom nie, want hy is 'n jakkals.



# 15 Meer oor taal



## Ons skryf

Onthou voegwoorde is woorde wat sinne of frases met mekaar verbind.

Gebruik die **voegwoorde** tussen hakies om hierdie sinne met mekaar te verbind.

| | |
|---|---|
| 1. | Die ryk man het in 'n groot huis gewoon. Hy was baie ongeskik. (maar) |
| | |
| 2. | Die dorpsmense het nie van die ryk man gehou nie. Hy was gemeen. (omdat) |
| | |
| 3. | Die jong man was slim. Hy het die ryk man uitoorlê. (en) |
| | |
| 4. | Die ryk man het hom vererg. Hy het die dorp verlaat. (dus) |
| | |
| 5. | Die dorpsmense was bly. Nou kon hulle in die huis ingaan. (want) |
| | |



Skryf hierdie woorde in **alfabetiese volgorde** in die regterkantse kolom oor. Verdeel hulle dan in **lettergrepe**.

| | | |
|---|---|---|
| 1. | ongelukkig | |
| 2. | ongeskik | |
| 3. | bloedige | |
| 4. | skaduwee | |
| 5. | asseblief | |
| 6. | eienaar | |
| 7. | binnensmonds | |
| 8. | selfversekerd | |
| 9. | astrante | |
| 10. | dorpsmense | |


Datum:

Verbind die **gesegdes/spreekwoorde** met hul betekenisse onder aan die bladsy. Skryf die korrekte nommer langs elke gesegde neer.

| | |
|---|---|
| Moenie iemand op sy baadjie takseer nie. | 9 |
| Hy is soos 'n voël op 'n tak. | |
| Hulle is voëls van eenderste vere. | |
| Ons moet van meet af aan begin. | |
| Sy gaan daarmee akkoord. | |
| Moenie 'n gegewe perd in die bek kyk nie. | |
| Hy sê op alles ja en amen. | |
| Ek het 'n appeltjie met jou te skil. | |
| Hy het sy maat 'n poets gebak. | |



Moenie 'n gegewe perd in die bek kyk nie.



Hulle is voëls van eenderste vere.



Moenie iemand op sy baadjie takseer nie.



Hy is soos 'n voël op 'n tak.

| | |
|---|---|
| Moenie 'n geskenk kritiseer nie. | 1 |
| Ons moet heel voor begin. | 2 |
| Ek moet 'n onaangename saak met jou bespreek. | 3 |
| Hy stem met almal saam sonder om sy eie mening te lug. | 4 |
| Hy doen iets grappigs ten koste van sy maat. | 5 |
| Vandag is hy hier en môre is hy weg. | 6 |
| Sy stem daarmee saam. | 7 |
| Hulle is baie eenders. | 8 |
| Moenie iemand volgens sy voorkoms oordeel nie. | 9 |

ONDERWYSER: Teken ____________ Datum ____________




# Tydspeletjie – wie gaan die wenner wees?

- Gooi jou dobbelsteentjie.
- Skuif jou merker.
- Maak met elke uitdrukking 'n sin.
- Die een wat eerste die wenstreep bereik, is die wenner.
- Die tydsvorme vir die verskillende nommers verskyn in die wit ovale hieronder.





Datum:

**Die bepaalde lidwoord (die)**
*Ons gebruik* ***die*** *wanneer ons van 'n spesifieke ding, plek of persoon praat.*
*Voorbeeld: "Bring asseblief* ***die*** *boek terug wat jy by* ***die*** *biblioteek geleen het."*

**Die onbepaalde lidwoord ('n)**
*Ons gebruik* ***'n*** *wanneer ons nie na 'n spesifieke ding of persoon verwys nie.*
*Voorbeeld: "Ek koop* ***'n*** *selfoon by die inkopiesentrum."*



Vul **'n** of **die** in. Die eerste een is vir jou gedoen.



Die seun met **die** rooi hare het gister deelgeneem. **('n spesifieke seun)**

Ek het ______ appel. **(enige appel)**

Kan ek asseblief ______ boek kry wat jy by my geleen het? **('n spesifieke bo**



Hy het ______ groot sak. **(enige groot sak)**

Hy het ______ groot sak wat ons vir die sokker gebruik. **('n spesifieke sak)**

Ek was in ______ motor toe die ongeluk gebeur het. **('n spesifieke motor)**

Het jy ______ selfoon? **(enige selfoon)**



ONDERWYSER: Teken ______ Datum ______


# Ons maak seker


| Ek kan | | |
|---|---|---|
| 'n nuusberig lees en skryf. | | |
| die hoofopskrif en naamreël identifiseer. | | |
| 'n volksverhaal of mite lees. | | |
| 'n volksverhaal of mite skryf. | | |
| 'n karaktersketa skryf. | | |
| begripsvrae beantwoord op grond van wat ek lees. | | |
| 'n insiggewende plakkaat ontwerp. | | |
| soortname, eiename, versamelname en abstrakte selfstandige naamwoorde identifiseer. | | |
| hoofwerkwoorde, byvoeglike naamwoorde en voegwoorde gebruik. | | |
| antonieme of teenoorgesteldes gebruik. | | |
| sinne van die teenwoordige tyd na die verlede tyd en toekomende tyd verander. | | |
| die vokaalgroepe identifiseer. | | |
| woorde alfabeties rangskik en in lettergrepe verdeel. | | |
| 'n aantal gesegdes/spreekwoorde verstaan. | | |
| 'n karakterskets skryf. | | |



# Inhoud

## Tema 2: Oorreding en digkuns






### Oorredende teks
### Kwartaal 1: Week 5 - 6

**17 Ons lees advertensies** 36

Lees 'n advertensie.
Fokus op emotiewe teks, illustrasies en tegnieke soos beloftes en maniere om 'n emosionele reaksie te ontlok.
Identifiseer teikengehoor en oorredingsmetodes.
Bring die teikengroep met tonasie en styl in verband.
Beantwoord vrae oor advertensies en identifiseer konvensies en tegnieke wat gebruik word.

**18 Ontwerp jou eie advertensie** 38

Bespreking van advertensietegnieke.
Bespreking van wenke vir die ontwerp van advertensies.
Voltooi 'n vloeidiagram om 'n advertensie te ontwerp.
Bespreking van metodes om mense te oorreed.
Ontwerp 'n advertensie deur al die ontwikkelingstadia: dinkskrum, beplanning, rofwerk, redigering en aanbieding.

**19 Ontwerp 'n reisbrosjure** 40

Beplan 'n reisbrosjure vir toerisme in Suid-Afrika en doen 'n rofwerkweergawe daarvan.
Hou 'n dinkskrum saam met die groep.
Gebruik die skryfproses: dinkskrum, beplanning, rofwerk, redigering en aanbieding.
Gebruik 'n gegewe raamwerk om te help met logiese volgorde.
Ontwerp 'n brosjure wat toepaslike kontakbesonderhede en koste voorsien.
Voorbereiding en aanbieding van 'n netjiese eindproduk.
Teken nuwe woorde en hul betekenisse in eie woordeboek aan.

**20 Beplan jou brosjure** 43

Beplan 'n eie brosjure.

**21 Werk met sinne** 44

Bespreking van die 4 sinstipes.
Vul die regte leestekens in.
Bespreking van die ellips.
Gebruik voegwoorde (en, maar, omdat, sodat en al) om saamgestelde sinne te vorm.
Identifiseer woordsoorte.

**22 Oorreding** 46

Bespreking van geleenthede waarby oorreding gebruik word.
argumente en fokus op die teikengroep asook die aanbieding en opbou van argumente.

**23 Skryf 'n oorredende argument** 48

Beplan die aanbieding met behulp van 'n breinkaart en 'n organiseerder.
Volg die skryfproses:
Dinkskrum, rofwerk, redigering en aanbieding.
Toets argumente deur middel van 'n debat of toespraak.
Skryf die argument netjies met behulp van 'n raamwerk oor.

**24 Stylmiddele en beeldspraak** 50

Inleiding tot stylmiddele en beeldspraak, met inbegrip van metafore, vergelykings, antonieme, onomatopeë, alliterasie, assonansie en hiperbole.
Al hierdie onderwerpe word hier behandel a.g.v. 'n gebrek aan ruimte in week 9 en 10. Onderwysers kan in week 9 en 10 hierdie werkkaart raadpleeg.

### Dialoë wat praat
### Kwartaal 1: Week 7 - 8

**25 'n Dialoog wat praat** 52

Inleidende aktiwiteite met inbegrip van voorspelling aan die hand van visuele leidrade.
Fokus op die spreker se lyftaal, taalgebruik, inhoud en intonasie.
Bespreek die formaat van die teks.
Skryf die inhoud van die dialoog van bepaalde sprekers.

**26 O nee, meneer Leeu!** 54

Lees die storie.
Fokus op die sprekers en op wat hulle sê.
Begripsoefening op grond van die inhoud van die teks.
Bedink 'n rolspel met 'n verteller en die verskillende karakters.

**27 Beplan 'n toneelstuk** 56

Gebruik 'n organiseerder om 'n toneelstuk te beplan.
Kies die titel, karakters, toneel, verhaal en boodskap.
Skryf die toneelstuk met behulp van 'n raamwerk om die verskillende karakters bekend te stel.
Wys rolle aan verskillende leerders in die groep toe.
Voer die toneelstuk op.
Evalueer die toneelstuk.

**28 Doen verslag oor wat ander sê** 58

Bespreking van die gebruik van aanhalingstekens by die direkte rede.
Maak saamgestelde sinne.
Gebruik antonieme en sinonieme.

### Bladsye vol gedigte
### Kwartaal 1: Week 9 - 10

**29 Die pret van poësie** 60

Lees 'n gedig, "'n Niesbui Sonder Gelyke", hardop voor.
Voel die ritme en klap op die maat.
Fokus op rymwoorde.
Skryf 'n gedig met rymwoorde.
Volg die skryfproses: dinkskrum, beplanning, eerste weergawe, redigering en aanbieding.
Voltooi sinne met behulp van voorsetsels.
Bespreking van telwoorde.
Bespreking van vergelykings.

**30 'n Lofsang vir Suid Afrika** 62

Gesels oor lofsange as 'n genre.
Hoe hou die lofsang met ons alledaagse lewe verband?
Voltooi 'n geheuekaart oor Suid-Afrika.
Skryf eie lofsang vir Suid Afrika.
'n Prettige gedig oor die maan wat onderwysers kan gebruik.

**31 Gedagtes oor die planete** 64

Pre-leesaktiwiteit oor die planete.
Lees 'n prettige stukkie oor die planete.
Bespreking van personifikasie.
Begripstoets met behulp van 'n ruimteplakkaat.
Inleiding tot verpersoonliking of personifikasie.

**32 Skryf jou eie gedig** 66

Skryf 'n gedig met behulp van die skryfproses: dinkskrum, beplanning, eerste weergawe, redigering en aanbieding.
Bespreking van metafore.
Teken 'n prent van een van hulle.
Onderwysers kan bl. 24 raadpleeg vir 'n vollediger bespreking van digmiddele.
Bespreking van homofone en homonieme.
Bespreking van die gebruik van die kappie.

# 17 Ons lees advertensies

## Koel Klere van Coolwear

**WIL JY GEWILD WEES?**

*Aantreklik?*
*Aanvaarbaar?*
*Asemrowend?*

Wees gewild!
Wees koel!

**Almal wil graag koel lyk en voel!**



**Het jy gehoor?**

**Kom kry klere wat jou koel laat voel by Coolwear!**

**Spesiale aanbod vir kinders in Graad 6: Koop een, kry een gratis!**

Aanbod geld terwyl voorrade hou.

Ons skryf

Bestudeer die advertensie. Bespreek die antwoorde op hierdie vrae met jou maats. Vul die antwoorde op die vrae dan in.

Watter ouderdomsgroep teiken hierdie advertensie?

5–7 jaar | 11–13 jaar | 14–16 jaar | 21–25 jaar

Waarom sê jy so?

Waarom het die advertensie ’n prettige opskrif?

Datum:

**Alliterasie** is die herhaling van dieselfde konsonant twee of meer kere na mekaar aan die begin van woorde.

**Assonansie** is die herhaling van vokale (klinkers) om 'n bepaalde stemming te skep.

Kyk na hierdie twee sinne uit die advertensie.
Onderstreep die beginklanke wat herhaal word.

Almal wil graag koel voel.

Kom kry klere wat jou koel laat voel by Coolwear!

Hoeveel k-klanke is daar in "**Kom kry klere wat jou koel laat voel by Coolwear**"?

Hoeveel aa-klanke is daar in "**Aantreklik! Aanvaarbaar! Asemrowend!**"?


Waarom word die slagspreuk "**Wees gewild! Wees koel!**" in die advertensie gebruik?

Hoe word lesers daardeur oorreed?

Wat belowe die advertensie jou indien jy klere van Coolwear aanskaf?

Wat sê die woorde in klein druk onder aan die advertensie vir jou?

Wat probeer die advertensie lesers oorreed om te doen?



ONDERWYSER: Teken Datum

# 18 Ontwerp jou eie advertensie



**Ons praat** Voer 'n rolspel op om 'n produk of 'n diens op TV te adverteer.



**Ons skryf** Beplan jou eie advertensie deur antwoorde op die vrae in die geheuekaart in te vul. Skryf die advertensie dan netjies op die teenoorstaande bladsy met die gepaste tekeninge daarby.



WENKE oor hoe om 'n oorredende teks te skryf:

- Jy moet weet wie jou teikengehoor is.
- Gebruik slagspreuke en trefwoorde om aandag te trek, soos "Dis nie 'n droom nie, dis 'n Sony".
- Gebruik prente en visuele elemente om die advertensie treffend te maak, sodat mense dit sal onthou.
- Gebruik figuurlike taal soos alliterasie, herhaling en rym. (Kyk werkkaart 24 vir meer hieroor.)
- Bied jou werk netjies en leesbaar aan.

## My advertensie

1. Wie is die teikengroep?

______________________________

______________________________

2. Wat is jou produk?

______________________________

______________________________

3. Watter slagspreuk sal jy gebruik?

______________________________

______________________________

4. Watter tegniek sal jy gebruik om 'n emosionele reaksie by die teikengroep te ontlok?

______________________________

______________________________

5. Hoe sal jy die leser se aandag trek?

______________________________

______________________________

6. Wat belowe die advertensie?

______________________________

______________________________

7. Is dit 'n eerlike advertensie?

______________________________

______________________________

8. Gebruik jy enige taalmiddele soos alliterasie? (Kyk werkkaart 24 vir meer hieroor.)

______________________________

______________________________

Datum: ____________

**nuwe woorde**

**Ons skryf** Ontwerp jou advertensie in die spasie hieronder.

ONDERWYSER: Teken ____________ Datum ____________

# 19 Ontwerp 'n reisbrosjure

Datum:



**Voordat jy lees**
- Kyk na die prente en opskrifte en probeer voorspel waaroor die teks sal handel.
- Vluglees die bladsy om 'n aanduiding van die inhoud te kry.

**Terwyl jy lees**
- Vergelyk jou voorspellings met die teks.
- As daar iets is wat jy nie verstaan nie, lees dit weer stadig deur. Lees dit hardop.



**Ons praat** Kyk na die prente en sê watter van hierdie belangrike Suid-Afrikaanse landmerke jy al gesien het of van watter landmerke jy al gehoor het.
Van watter ander belangrike plekke weet jy?
Is daar enige besienswaardighede naby aan jou huis? Dalk 'n huis wat 'n belangrike persoon bewoon het, of 'n groot stadion, of 'n natuurreservaat?






**Ons doen** Skeur die teenoorstaande bladsy uit en vou dit om 'n brosjure te vorm. Ontwerp die inhoud van die brosjure as advertensie vir 'n interessante Suid-Afrikaanse besienswaardigheid wat toeriste graag sou wil besoek.
Dit kan 'n erfenisterrein wees, soos 'n geskiedkundige plek, 'n stadion, 'n ou of interessante gebou, 'n museum, 'n nasionale dieretuin of tuin, 'n reënwoud, of Tafelberg.



Jy sal oorredende taal moet gebruik om mense aan te moedig om die plek te besoek.

Jou voorblad behoort 'n kaart van Suid-Afrika en 'n trefwoord of slagspreuk te bevat, byvoorbeeld, "'n Land deurdrenk van geskiedenis en opwinding!"
Teken op elkeen van die ander bladsye 'n prent en skryf 'n beskrywing van die plek wat die leser sal besoek.
Onthou om die volgende in te sluit:
- die adres van die besienswaardigheid
- die toegangsgelde
- die besoektye



Beplan jou brosjure op bladsy 43

5

AGTERBLAD: Vir algemene inligting soos jou telefoonnommer, adres en e-posadres

6

VOORBLAD: Vou vorentoe

1

2

3

4

# Beplan jou brosjure



Ons skryf

Ontwerp jou brosjure. Vul die geheuekaart in. Elke bloknommer verwys na 'n bladsynommer in die pamflet.
Wanneer jy jou brosjure op rofwerkpapier ontwerp het, vra jou maats om daarna te kyk.

- Gebruik 'n geheuekaart om jou te help om jou skryfstuk te beplan.
- Skryf dit eers op rofwerkpapier.
- Vra 'n maat om dit vir jou te korrigeer.
- Hersien jou teks en bring die nodige korreksies aan.
- Skryf dit dan netjies in jou boek oor.



**1**
Ontwerp 'n voorblad.

**2**
Skryf die relevante inligting.

**3**
Skryf die relevante inligting.

**4**
Skryf die relevante inligting.

**5**
Skryf die relevante inligting.

**6**
Verstrek jou kontakbesonderhede en adres.

ONDERWYSER: Teken ______ Datum ______

# Werk met sinne

nuwe woorde



### Die verskillende sinstipes

Jy onthou seker nog dat daar 4 **sinsoorte** in Afrikaans is:

1. **Die stelsin:** Dit maak net inligting bekend.
2. **Die vraagsin:** Dit vra 'n vraag en eindig met 'n vraagteken (**?**).
3. **Die uitroepsin:** Dit roep iets uit en eindig met 'n uitroepteken (**!**).
4. **Die bevelsin:** Dit gee 'n opdrag en kan met óf 'n uitroepteken óf 'n punt eindig.

**Ons skryf**

Bepaal watter sinsoort elke sin is en dui dit in die regterkantse kolom aan. Vul ook die nodige leestekens aan die einde van elke sin in.

| Sin | Sinsoort |
|---|---|
| Beplan jou advertensie | |
| Wie is die teikengroep | |
| Jy moet Suid Afrika besoek | |
| Hoera, ons het gewen | |

### Kyk nou na hierdie sin:

Jan het sy rugby-, skool-, kerk- en drafskoene by die huis vergeet.

### Wat merk jy op?

Ons skryf nie elke keer die woord *skoene* nie, maar vervang dit deur 'n koppelteken (-). Ons noem hierdie koppelteken 'n ***ellips of weglatingsteken***. Dit help om die sin minder lomp te maak. Let ook op dat ons na elke selfstandige naamwoord 'n komma plaas. (Ons gebruik nooit 'n komma voor ***en*** nie.) Soms, waar ons iemand wil aanhaal maar nie die volledige aanhaling wil gee nie, gebruik ons drie punte om te wys dat iets weggelaat is, wat ook as 'n **ellips** bekend staan, bv: Jan se ma kla: "Jan het sy rugbyskoene … en drafskoene by die huis vergeet."

Skryf die regte leestekens in die oop spasies.

| |
|---|
| "Eina_" skree Jan toe hy van die fiets afval_ |
| Klim dadelik op jou fiets_ |

**Ons skryf** Skryf die volgende sin nou reg oor:

| |
|---|
| Sarie het haar skooldrag kerkdrag en atletiekdrag saamgebring. |
| |
| |

## Ons verbind sinne

Ons het skool toe gegaan | en | toe het ons netbal gespeel.



As ons net **enkelvoudige sinne** sou gebruik wanneer ons praat of skryf, sou ons spraak en geskrifte rukkerig voorkom. As ons ons sinne met **voegwoorde** verbind om **saamgestelde sinne** te vorm, vloei ons sinne beter.

Datum:



Ons skryf

Gebruik een van hierdie **voegwoorde** om hierdie sinne te verbind.

dus · en · alhoewel · maar · omdat

Die woorde wat ons gebruik om frases en sinne te verbind, word **voegwoorde** genoem. Hulle het die belangrike funksie om sinne aan mekaar te verbind.



| | | |
|---|---|---|
| 1. Anita werk hard | | soms kry sy swak punte. |
| 2. Anita kry soms swak punte | | sy hard werk. |
| 3. Hy het verdwaal | | hy ’n kaart gehad het. |
| 4. Hulle was arm | | hulle het genoeg gehad om te eet. |
| 5. Nomsa hou van appels | | sy hou van pere. |
| 6. Nomsa hou van appels | | sy hou nie van pere nie. |
| 7. Sy het haar boek by die huis vergeet | | sy kon met haar maat deel. |
| 8. Die onderwyser was gaaf | | sy was ook streng. |
| 9. Die groente het geil gegroei | | dit min gereën het. |
| 10. Die weer was guur | | het ons besluit om nie te gaan nie. |





Onderstreep die woorde in bogenoemde 10 sinne soos volg:

**Hoofwerkwoord** – blou

**Hulpwerkwoord** (help om tyd te vorm) – geel

**Voornaamwoord** (staan in die plek van 'n naam) – groen

ONDERWYSER: Teken ______ Datum ______

# 22 Oorreding




Het jy ooit nodig om andere te oorreed om met jou saam te stem of om jou iets te gee of iets te laat doen?
Indien wel, moet jy leer hoe om oorredende taal te gebruik.
Ons gebruik almal oorredende argumente, veral wanneer ons ons ouers of onderwysers van iets probeer oortuig.









**Ons lees** Kyk na die volgende voorbeelde van 'n stuk oorredende skryfwerk.

| | |
|---|---|
| Titel | **Almal by die skool moet elektrisiteit bespaar.** |
| Doel | Om almal by die skool te oorreed om elektrisiteit te bespaar |
| Teikengehoor | Die skoolhoof en onderwysers |
| Eerste rede | Eerstens, elektroniese toerusting gebruik baie energie. Daarom behoort rekenaarskerms, oorhoofse projektors en radio's afgeskakel te word wanneer hulle nie gebruik word nie. Die afgelope week is die elektroniese toerusting nie tydens pouses en na skool afgeskakel nie. |
| Tweede rede | Tweedens, ander toerusting soos ligte en verwarmers gebruik ook baie energie. Almal behoort die ligte af te skakel wanneer hulle 'n vertrek verlaat. Verwarmers en waaiers behoort slegs in uiterste omstandighede gebruik te word. Die afgelope week is verwarmers nie oornag afgeskakel nie. |
| Som jou standpunt op. Sluit met 'n aanbeveling af. | Indien ons almal doelbewus elektrisiteit sou begin bespaar, sou ons ons energieverbruik verminder. Ons moet nou energie begin bespaar. |

In hierdie voorbeeld gee die skrywer redes en wei dan oor hulle uit om die argument te versterk.



**Ons praat** Bespreek die antwoorde op hierdie vrae met jou maat. Hoeveel argumente gee die skrywer, en watter bewyse noem hy of sy om elke standpunt te staaf?

Datum:



Ons lees

Is TV sleg vir kinders? — Titel

Om mense te oortuig dat TV nie sleg vir kinders is nie, en dat, alhoewel dit swak gewoontes kan bevorder, dit ook opvoedkundige materiaal voorsien en goeie gedrag kan bevorder. — Doel

Die ouers en onderwysers — Teikengehoor

Enersyds moedig TV-advertensies kinders aan om hebsugtige verbruikers te word. Daarby is dit nie goed vir kinders om sport op TV te sit en kyk nie. Hulle behoort aktief aan sport deel te neem. — Enersyds

Andersyds kan TV inligting voorsien wat kinders nodig het. Baie programme, soos die Leerkanaal, leer vir kykers belangrike dinge. Daarby wys TV ook goeie gewoontes oor gesonde lewenswyses. — Andersyds

Ten slotte, alhoewel TV kyk swak gewoontes mag kweek, kan dit ook opvoedkundig wees en gesonde lewenswyses bevorder. — Som die standpunt op. Sluit af met 'n aanbeveling.

In hierdie voorbeeld gee die skrywer argumente ten gunste van en teen 'n saak. Hy of sy skryf "enersyds ..." en dan ook "andersyds ...".



Ons praat

Hoeveel argumente verstrek die skrywer?
Watter twee standpunte opper sy ten gunste van TV kyk?
Watter twee standpunte bring sy teen TV kyk in?
Watter argumente ten gunste van TV kyk sou onderwysers oortuig?
Watter argumente teen TV kyk sou ouers oortuig?



nuwe woorde

ONDERWYSER: Teken Datum

# 23 Skryf 'n oorredende argument



Ons doen

Bespreek die volgende onderwerpe met 'n maat en kies dan een om oor te skryf. Gebruik die volgende geheuekaart om jou standpunt te stel en argumente te beplan.




- Gebruik 'n geheuekaart om jou te help om jou skryfstuk te beplan.
- Skryf dit eers op rofwerkpapier.
- Vra 'n maat om dit vir jou te korrigeer.
- Hersien jou teks en bring die nodige korreksies aan.
- Skryf dit dan netjies in jou boek oor.

1 Doel

2 Teikengroep

3 Eerste argument

4 Tweede argument

Vul jou onderwerp hier in

5 Aanbevelings

6 Gevolgtrekking



Ons praat

Toets jou standpunt as 'n debat voordat jy dit op die teenoorstaande bladsy neerskryf.



Datum:




## Ons skryf

Gebruik jou geheuekaart om 'n oortuigende argument uit te werk. Maak seker jy gebruik hoofletters, skryf- en leestekens korrek.

**nuwe woorde**

| | |
|---|---|
| Titel | |
| Doel | |
| Teikengroep | |
| Eerste argument ter stawing van jou standpunt  | |
| Tweede argument ter stawing van jou standpunt  | |
| Som die argument op. Doen ten slotte 'n aanbeveling.  | |



ONDERWYSER: Teken Datum

# Stylmiddele en beeldspraak





## Vergelyking

**'n Vergelyking vergelyk twee dinge en beklemtoon 'n ooreenkoms tussen hulle. Die woord "soos" word gewoonlik gebruik.**

Hy is so groot soos 'n huis.
Kan jy aan ander voorbeelde dink?



## Metafoor

**'n Metafoor vergelyk twee dinge deur te sê dat die een ding 'n ander ding is. Die woord "soos" word nie gebruik nie.**


Haar gesig was 'n prentjie.
Kan jy aan ander voorbeelde dink?



## Alliterasie

**Opeenvolgende woorde wat met dieselfde letter begin om die aandag te trek.**

Die sap was suikersoet.
Kan jy aan ander voorbeelde dink?



## Assonansie

**Assonansie is die herhaling van vokale (klinkers) om 'n bepaalde stemming te skep.**


Die muis sluip oor die vuil vloer.
Kan jy aan ander voorbeelde dink?

Datum:

## Sinonieme

Dit is woorde wat dieselfde betekenis het. Ons gebruik sinonieme wanneer ons ons taal wil verlewendig.

Die olifant is groot/enorm/reusagtig.
Kan jy aan ander voorbeelde dink?



## Antonieme

Dit is woorde met die teenoorgestelde betekenis. Ons gebruik hulle om kontras uit te druk.


Die skilpad is stadig en die haas is vinnig.
Kan jy aan ander voorbeelde dink?




## Onomatopeë (klanknabootsende woorde)

Dit is woorde wat klanke naboots.

Die eende raas "kwaak, kwaak" en die hond blaf "woef, woef".
Kan jy aan ander voorbeelde dink?






## Alliterasie

Dit is die herhaling van dieselfde konsonant twee of meer kere na mekaar aan die begin van woorde of woorddele.


Bettie het bitter botter gekoop.
Dit is die winterwind wat waai.
Kyk hoe die **b** en **w** herhaal word. Kan jy aan ander voorbeelde dink?



## Hiperbool

Ons gebruik die hiperbool wanneer ons oordryf.

Dit was vandag kokend warm.
Kan jy aan ander voorbeelde dink?



ONDERWYSER: Teken Datum

# 25 ’n Dialoog laat in die aand

**Ons skryf**

Sommige van die sinne in die middel beskryf die karakter regs, en sommige beskryf die karakter links. Verbind elke sin met die korrekte karakter.




Hy dra ’n netjiese blou uniform.

Sy hare staan in deurmekaar punte orent.

Hy lyk asof hy ’n bad nodig het.

Hy het ’n diep stem.

Hy lyk bang en skuldig.

Hy lyk streng.

Hy is Zak, 11 jaar oud.




**Ons skryf**

Skryf nou wat die twee karakters vir mekaar sê. Dit word ’n dialoog genoem. ’n Dialoog sê vir jou wat mense vir mekaar sê. Toneelstukke word so geskryf. Wanneer jy jou dialoog voltooi het, voer dit vir die klas op.

Polisieman: *Wat maak jy so laat op straat?*

Zak: ______________________________

Polisieman: ______________________________

Zak: ______________________________

Polisieman: ______________________________

Zak: ______________________________

Polisieman: ______________________________

Datum:

nuwe woorde

**Intonasie verwys na die manier waarop iemand praat.**
Hoe sou die intonasie van 'n polisieman verskil van dié van 'n stout seun?

Ons praat

Hoeveel sprekers is daar in hierdie dialoog? Wie is hulle?

Ons skryf

Skryf 'n paragraaf waarin jy een van die karakters beskryf.

Skryf nou 'n dialoog wat tussen jou en jou onderwyser plaasvind.
Vul jou naam op die rooi lyntjies in.

Onderwyser: *Dit is die derde keer hierdie week dat jy nie jou huiswerk gedoen het nie.*

(Jy):

Onderwyser:

(Jy):

Onderwyser:

(Jy):

Onderwyser:

ONDERWYSER: Teken Datum

# O nee, meneer Leeu!



**Voordat jy lees**
- Kyk na die prente en opskrifte en probeer voorspel waaroor die teks sal handel.
- Vluglees die bladsy om 'n aanduiding van die inhoud te kry.

**Terwyl jy lees**
- Vergelyk jou voorspellings met die teks.
- As daar iets is wat jy nie verstaan nie, lees dit weer stadig deur. Lees dit hardop.

Ons lees

Lees hierdie **toneelstuk** hardop saam met 7 van jou maats, sodat elk van julle een van die diererolle kan lees en een van julle die verteller kan wees wat die stukkies tussenin lees.

Eenmaal, lank gelede, het die diere van Groen Woud gelukkig saam gewoon. Die lewe was wonderlik, en die haastige hasies, die streperige sebras, die gesette seekoeie, die slim krokodil, die lywige olifante en die ratse apies het almal gelukkig saam gewoon … totdat die gemene leeu daar ingetrek het en hulle almal wou opvreet! Van daardie dag af was die diere heeltyd baie bang.
Eendag het hulle egter 'n dapper besluit geneem: hulle sou met die leeu gaan praat en 'n oplossing vir hierdie probleem vind. Toe die leeu al die diere sien nader kom, is hy baie ingenome, omdat hy meen dat hy nie daardie dag sal hoef te jag nie – sy maaltyd sou afgelewer word.
Maar net toe sy bek begin water by die gedagte aan middagete, praat die dapper apie.



**Apie**: Asseblief, meneer Koning … e … e … ons moet 'n belangrike saak met u bespreek. Indien u ons almal doodmaak, sal u nie meer die koning wees nie.

Toe begin al die diere byna tegelyk te praat.

**Sebra**: Ja, u sal niemand hê om oor te heers nie.

**Krokodil**: U sal heeltemal alleen in u koninkryk wees.

**Seekoei**: U sal baie honger word, en niemand oorhê om te eet nie!

**Olifant**: U sal binnekort omkom van die honger!

**Hasie**: Daarom het ons vir u 'n voorstel: Indien u ophou om ons dood te maak, belowe ons om elke dag vir u iemand te stuur om te eet. U sal nooit weer hoef te jag nie. U sal net heeldag kan sit en TV kyk.


Die leeu luister na alles wat hulle te sê het.

**Leeu**: Julle sal my kos aflewer? Dit is 'n goeie oplossing! Ek moet julle egter waarsku: indien julle selfs net een dag sou oorslaan, sal ek julle almal in een maaltyd verorber!

Dit is toe so ooreengekom. Van toe af word een dier elke dag na die leeu se lêplek gestuur, en die leeu is baie tevrede. Eendag is dit die hasie se beurt om sy lewe op te offer om voedsel vir die leeu te voorsien. Die hasie is egter nie gereed om te sterf nie, daarom het hy 'n plan beraam.

Stadig hop hy na die leeu se lêplek toe. Toe hy daar aankom, tref hy die leeu aan waar hy ongeduldig heen en weer stap. Hy is baie honger. Toe hy die hasie sien, word hy baie kwaad.

Datum:



**Leeu**: Dink jy so 'n klein hasie soos jy sal vir my genoeg vleis vir die dag voorsien? Ek is baie honger, en kyk net hoe klein en maer is jy!


**Hasie**: Die diere het in werklikheid vir u ses hasies gestuur, meneer Koning, maar vyf van hulle is deur 'n ander leeu doodgemaak en opgeëet.

**Leeu**: Watter ander leeu? Ek is die koning in hierdie geweste!

**Hasie**: Dit was … die … daar was 'n … baie groot leeu. Die ander leeu het vir ons gesê dat hy die koning van die woud is.

**Leeu**: Neem my dadelik na hierdie ander leeu toe, sodat ek hom 'n les kan leer. Dit is my koninkryk hierdie!

Die hasie lei die leeu na 'n diep rivier toe. Hy vertel vir die leeu dat die ander leeu in die rivier is. Die leeu loer in die rivier in en sien sy eie spieëlbeeld in die water. Hy dink dat dit die ander leeu is. Hy uiter 'n enorme brul en spring dadelik in die water in om die ander leeu aan te val. Toe kap hy sy kop teen die rotse en verdrink. Die hasie, wat nou baie verlig is, gaan die goeie nuus aan die ander diere oordra. Van daardie dag af leef al die diere van die Groen Woud weer gelukkig saam.






Wie is die karakters in hierdie storie?
Hoe word dit aangebied?
Kan jy die kenmerke van 'n dialoog identifiseer?
Wie is die sprekers?
Waarom was die ander diere so bang vir die leeu?
Wat was die hasie se plan?
Wat sou 'n goeie titel vir hierdie storie wees?
Waarom het die diere gehakkel en gestotter toe hulle met die leeu gepraat het?




Lees die toneelstuk weer en doen dan die volgende:

Omkring **hoofwerkwoorde** met rooi.

Omkring **hulpwerkwoorde** met blou.

Omkring **voornaamwoorde** met groen.

Omkring **kappiewoorde** met pers.

Onderstreep 1 **vraagsin** met rooi.

Onderstreep 1 **uitroepsin** met blou.

1 Stelsin **groen** te onderstreep.



ONDERWYSER: Teken ____ Datum ____

27

# Beplan 'n toneelstuk



- Gebruik 'n geheuekaart om jou te help om jou skryfstuk te beplan.
- Skryf dit eers op rofwerkpapier.
- Vra 'n maat om dit vir jou te korrigeer.
- Hersien jou teks en bring die nodige korreksies aan.
- Skryf dit dan netjies in jou boek oor.



Ons praat

In die vorige twee werkkaarte het jy twee dialoë gelees. Beplan nou om jou eie dialoog te skryf. Werk saam met 'n maat en vul hierdie geheuekaart in.

**Die titel van die toneelstuk**

1 **Wie is die karakters?**

2 **Wat is die intrige?**

3 **Wat is die agtergrond?**

4 **Wat sal die verteller sê?**

5 **Watter boodskap wil ek oordra?**



Ons skryf


Gebruik die geheuekaart om jou toneelstuk op rofwerkpapier te skryf. Redigeer dit en skryf dit dan netjies oor in die spasie wat voorsien is.

Jy kan 'n beeld van jou karakters skep deur wat hulle sê. Skryf die presiese woorde wat jou karakters sê neer. Vul die name van jou karakters in die linkerkantse kolom in, en skryf dan hul eie woorde in die **teenwoordige tyd** neer.

Beskryf die agtergrond

| Die name van die karakters | Hul eie woorde in die teenwoordige tyd |
|---|---|
| | |
| | |
| | |

Datum: ____________







**Ons praat**

Laat die leerders in jou groep jou toneelstuk lees. Kon hulle die intrige volg? Kon hulle die karakters herken?

ONDERWYSER: Teken ____________ Datum ____________

# 28 Doen verslag oor wat ander sê

**Hoe gebruik ons aanhalingstekens?** Ons begin of eindig altyd met 'n werkwoord soos **vra**, **sê** of **verduidelik**. Die eerste woorde wat 'n persoon sê, word met 'n hoofletter geskryf, bv. Piet sê: "Ek hou van jou." Die aanhalingsteken aan die einde van iemand se woorde kom na die laaste leesteken. "Gee my asseblief 'n kans," het Bongi gesmeek. OF: Bongi het gesmeek: "Gee my asseblief 'n kans?" "Kan ek saam met jou gaan?" het Pieter gevra. OF: Pieter het gevra: "Kan ek saam met jou gaan?"



## Ons skryf

Vul die nodige hoofletters en leestekens (dubbelpunt, aanhalingstekens) in. Aanhalingstekens kom aan die begin en einde van elke spreker se woorde.

Skryf nou alles wat hulle gesê het in die indirekte rede oor.

- Die apie het gevra Koning kan ek met jou praat?
- Die hasie het gesê indien jy ons almal eet, sal jy alleen in jou koninkryk wees.
- Die leeu het gevra sal jy kos by my aflewer?
- Waarom het jy dit gedoen? het sy gevra.
- Anita het gesê daar is niks wat ons daaromtrent kan doen nie.


**Vereistes vir indirekte rede:**
1. Die aanhalingstekens val weg.
2. Die gebruik van hoofletters verander.
3. Voornaamwoorde moet verander.
4. 'n Vraagsin in die direkte rede stel in die indirekte rede nie meer 'n vraag nie – die vraag word nou 'n stelsin. Die vraagteken val ook weg. Bv. Hy vra: "Kan ek jou help?" Indirekte rede: Hy vra of hy haar kan help.

Linda



Dink jy dit gaan Saterdag reën?

Bongi



Die weervoorspelling sê dat dit eers Sondag gaan reën.

Jabu



Dis goed, want die Cheetas speel 'n wedstryd!

Datum:

**nuwe woorde**

Verbind hierdie **enkelvoudige sinne** om **saamgestelde sinne** te vorm. Gebruik die voegwoorde **en**, **terwyl**, **omdat** of **want**.

| |
|---|
| Die kat het 'n muis gevang. Die muis het 'n bietjie kaas geëet. |
| |
| Ons het 'n vreemde geluid gehoor. Ons was bang. |
| |
| Die hond het geblaf. Daar was iemand by die hek. |
| |
| Ons het onder 'n afdak gaan skuil. Dit het begin reën. |
| |
| Sy het 'n rok gekoop. Sy het 'n paar skoene gekoop. |
| |

**Sinonieme** is woorde met dieselfde betekenis. Ons gebruik dit om ons taal meer kleur te gee. Byvoorbeeld, **bly** is 'n sinoniem vir **gelukkig**.

**Antonieme** is woorde met die teenoorgestelde betekenis, bv. lank - kort.



Ons skryf

Soek **sinonieme** (woorde met dieselfde betekenis) vir die woorde in die tabel. Kies party van hierdie woorde.

verlore, antiek, moedig, moeg, gebreek, vuil, bevrees, onnet, klein, slordig, breed, nadenkend, blink

| | | | |
|---|---|---|---|
| bang | | wyd | |
| glansend | | stukkend | |
| deurmekaar | | oud | |
| dapper | | modderig | |

Dink nou aan **antonieme** vir die onderstreepte woorde. Skryf hulle in die laaste kolom.

| | |
|---|---|
| Dit was 'n skroeiende dag. | |
| Ek kon sien my hond is siek: haar oë was dof. | |
| Ek het in my Wiskundetoets geslaag maar swak gevaar in Afrikaans. | |
| Hierdie boek is vervelig. | |
| Die weer is hierdie tyd van die jaar onvoorspelbaar. | |
| Die pad was smal en stamperig. | |

ONDERWYSER: Teken ______ Datum ______

# 29 Die pret van poësie

Ons lees

## 'n Niesbui sonder gelyke

Ek het die heelnag deur genies
En voel vanoggend vaal.
My ma het net een kyk gegee
En 'n bottel pille gaan haal.
My neus het geloop, my oë het getraan,
Ek was regtig siek.
Ek het agtuur al bed toe gegaan
Terwyl Sussie sit en fliek.
Toe nies en proes ek aanmekaar,
Sowaar, al die snesies is al op.
En nou sal Juffrou beslis verstaan,
Dat ek die speltoets verseker gaan dop!

*Bruce Lansky (verwerk)*





Ons praat

- Probeer om die slag of die ritme van die gedig te voel.
- Lees dit hardop en klap die ritme met jou hande.
- Gesels met jou maat oor die onderwerp van die gedig.

Ons skryf

Skryf jou eie gedig. Kyk of jy elke tweede reël op 'n **rymwoord** kan laat eindig. Skryf jou gedig op rofwerkpapier. Lees dit hardop vir jou maat voor, en skryf dit dan in die spasie hieronder oor.

Datum: ____________



Ons skryf


Gebruik sommige van hierdie **voorsetsels** om die sinne hieronder te voltooi. Onderstreep die woordsoorte daarna soos volg: **Werkwoorde** met groen, **selfstandige naamwoorde** met geel en **telwoorde** met blou.

**Voorsetsels** is woorde wat die verband van een ding tot 'n ander aantoon. Hulle sê dikwels vir ons waar een ding in verhouding tot 'n ander een is, of die posisie waarin dit is. **Telwoorde** het te doen met hoeveelheid. Daar is die **bepaalde telwoorde**, wat die presiese getal gee, soos een, twaalf en twintig. Dan is daar die **onbepaalde telwoorde**, wat nie die presiese hoeveelheid aandui nie, soos baie of min.

**onder** **op** **verby** **oor** **oor** **in**



Deon stap ________ twee strate.




Hy spring ___________ die heining.




Hy klim ________ die bad .



Hy stap by die tweede stel trappe __________.



Hy stap ____________ 'n klomp bome deur.



Hy stap by die posbus ___________.



Ons skryf

Vul die name van die diere in om die vergelykings te voltooi.



Ons beskryf iets dikwels deur te sê dat dit **soos** iets anders is. Byvoorbeeld, indien iemand baie besig is, sê ons, "Sy is so besig soos 'n bytjie". Ons noem dit 'n **vergelyking**.

Ons gebruik dikwels dierebeelde in ons vergelykings.


| | |
|---|---|
| 1 *So sterk soos 'n* | *bees* |
| 2 So dapper soos 'n | |
| 3 So dikvellig soos 'n | |
| 4 So stadig soos 'n | |
| 5 So vry soos 'n | |
| 6 So sag soos | |
| 7 So honger soos 'n | |
| 8 Pronk soos 'n | |















ONDERWYSER: Teken ____________ Datum ____________

# 30 ŉ Lofsang vir Suid-Afrika

**Ons lees**

Suid-Afrika, kom ons
vat hande
ŉ Trotse nasie is ons
Ons sing saam ons lied
Nkosi Sikelel' iAfrika.

Selfs ons jong klomp
Kan saam help bou
Aan 'n beter land vir almal
Nkosi Sikelel' iAfrika.

Masakhane kom ons bou
Ons is die leiers van môre
Leiers in ons sonskynland
Nkosi Sikelel' iAfrika




**Ons praat**

- Waaroor handel hierdie lofsang?
- Waarom noem ons dit 'n lofsang?
- Het die lied ritme?
- Wanneer sing mense lofsange?

- Gebruik 'n geheuekaart om jou te help om jou skryfstuk te beplan.
- Skryf dit eers op rofwerkpapier.
- Vra 'n maat om dit vir jou te korrigeer.
- Hersien jou teks en bring die nodige korreksies aan.
- Skryf dit dan netjies in jou boek oor.

**Ons skryf**

Wat dink jy kan julle as leerders doen om ons land 'n beter plek te maak om in te woon? Vul jou idees op die geheuekaart in.



Datum:

**nuwe woorde**



Ons skryf

Skryf nou 'n paragraaf oor hoe om Suid-Afrika 'n beter plek te maak om in te woon.

Gebruik die idees uit jou geheuekaart. Ons het die **hoofonderwerpsin** gegee om jou te help om jou paragraaf te begin skryf.

Suid-Afrika is 'n pragtige land, en ons kan almal help om dit 'n beter plek te maak om in te woon.

Skryf nou jou eie lied of gedig oor die lewe in Suid-Afrika.



Vir die pret

O! Kyk na die maan
Hoe sy blink op haar vlug;
Ag, moeder, sy lyk kompleet
Soos 'n lamp in die lug.
Verlede week was sy kleiner,
Sy't so smal soos 'n sekel geraak,
Maar sy't aanhou groei
En weer 'n sirkel gemaak.

E. Follen (verwerk)






ONDERWYSER: Teken Datum

# 31 Gedagtes oor die planete



Ons praat

- Ken jy die name van die planete?
- Wonder jy soms oor die planete?
- Is hulle soos ons planeet, Aarde?
- Het jy al ooit enige van die ander planete snags in die lug gesien?
- Weet jy hoe ver ons van die son is?



In hierdie stukkie word Pluto nog 'n planeet genoem. In 2006 het wetenskaplikes egter oor 'n nuwe definisie van planete ooreengekom, en besluit dat Pluto in werklikheid nie 'n planeet is nie.

Wat? vra jy nou seker. Wat het 'n esel met die planete te doen? Wel, 'n eselsbrug het eintlik niks met 'n esel te doen nie. Hier's die oplossing: 'n **Eselsbrug** is 'n rympie wat jou help om 'n lys goed te onthou. Daar is 9 belangrike planete, en ons leer hulle altyd in hulle volgorde van die son af: Mercurius, Venus, Aarde, Mars, Jupiter, Saturnus, Uranus, Neptunus en Pluto.

En hier is jou rympie:

**M**arina, **v**ra
**a**sseblief **m**eneer **J**ulius **s**e **u**niform
**n**a **p**arade.

Die woorde se eerste letters is ook die eerste letters van die planete se name. Al wat jy nog moet onthou, is dat die eerste "m" vir Mercurius staan, nie vir Mars nie.

Hier is nog 'n eselsbrug om jou te help om die name van die 9 planete te onthou:

**M**eneer **V**an **A**s **my** **j**as **s**al **u** **n**ie **p**as.

Datum:

**nuwe woorde**



Ons praat


- Wat is 'n ander woord vir 'n esel?
- Waarom dink jy het 'n mens partykeer 'n eselsbrug nodig?
- Het die eselsbrug iets te doen met die planete se posisie in die ruimte?
- Hoe naby is ons planeet, Aarde, aan die son?
- Is hierdie eselsbrug 'n gedig? Sê waarom jy so sê.

**Personifikasie**
Digters het al geskryf dat die planete "sing" terwyl hulle deur die ruimte beweeg. Sing is iets wat mense doen, dus maak die digters asof die planete mense is. Dit noem ons personifikasie. Ons gebruik personifikasie dus wanneer ons die eienskappe van lewende dinge aan dooie dinge gee. Bv. Die wind huil om die hoeke.



Ons doen

Kyk nou na die eselsbrug en na hierdie tekening. Kyk of jy al die name van die planete kan invul deur aan die eerste letters van die woorde te dink. Dit help jou met die posisie van elke planeet. Ons het die eerste een se naam vir jou ingevul. Wanneer jy klaar is, kan jy na die eselsbrug teruggaan om seker te maak dat jy dit reg het. Maar onthou, Pluto is nie 'n planeet nie.




ONDERWYSER: Teken ______ Datum ______

# 32 Skryf jou eie gedig

Ons skryf

Beplan om 'n gedig te skryf. Werk saam met 'n maat. Hou 'n dinkskrum en skryf idees vir die strofes van jou gedig neer. Skryf dan in elk van die vier rame twee sinne wat rym.

- Gebruik 'n geheuekaart om jou te help om jou skryfstuk te beplan.
- Skryf dit eers op rofwerkpapier.
- Vra 'n maat om dit vir jou te korrigeer.
- Hersien jou teks en bring die nodige korreksies aan.
- Skryf dit dan netjies in jou boek oor.



Titel van gedig




Datum:

nuwe woorde

### Wat is 'n metafoor?

Ons gebruik baie metafore in gedigte. 'n Metafoor is 'n woord of frase wat ons gebruik om die eienskappe van iets anders te beskryf Byvoorbeeld: Sy het **senuwees van staal**. Sy is **rietskraal**. Wanneer ons 'n metafoor gebruik, vergelyk ons twee dinge sonder om "soos" te gebruik.

**Ons skryf** Skryf jou gedig nou netjies oor en lees dit aan jou groep voor.



**Ons praat**

Sê wat elk van hierdie metafore beteken. Teken 'n prent om een van hulle te illustreer.

**Ons onderwyser was weg en die klas was 'n sirkus.**

**Hy het bloedrooi geword.**

**Sy het 'n hart van goud.**

ONDERWYSER: Teken Datum

# Werk met woorde



Ons skryf

Maak nou nog sinne om die verskillende betekenisse van die volgende woorde aan te dui:

**Homonieme** is woorde wat dieselfde lyk en klink, maar wat verskillende betekenisse het. bv. **blyk/blyk**.
Dit **blyk** dat jy niks geleer het nie.
Die man kry 'n geskenk as **blyk** van waardering vir sy hulp.

| | |
|---|---|
| as | |
| as | |
| lus | |
| lus | |
| ken | |
| ken | |

Ons skryf

Maak sinne met die volgende homofone:

**Homofone** klink eners, maar word verskillend gespel en het verskillende betekenisse, bv. Ek **wed** jou dit word deur die **wet** verbied.

| | |
|---|---|
| vlei | |
| vly | |
| syne | |
| seine | |
| vier | |
| fier | |

Ons skryf

Plaas die **kappie** in die volgende woorde op die regte plek en bou 'n sin met die woord.

Die doel van 'n **kappie** is om vokale langer te maak, m.a.w. om die uitspraak van 'n woord te verander. Vergelyk **bome** en **môre**.

| | |
|---|---|
| perel | |
| brue | |
| bler | |
| leer | |
| liefhe | |
| afle | |

Wenk: waar daar twee vokale langs mekaar staan, word die kappie op die eerste vokaal geplaas.

I n h o u d

# Tema 3: Sê hoe dit gedoen word




**Instruksies**
**Kwartaal 2: Week 1 – 2**

**33 Ons bak kolwyntjies** 70
Identifiseer die konvensies van instruksies.
Bepaal die korrekte volgorde van instruksies.
Stel vas watter kombuisgereedskap nodig is.
Begripsoefening: Beantwoord vrae gebaseer op die resep.
Teken nuwe woorde en hul betekenisse in eie woordeboek aan.

**34 Skryf 'n resep** 72
Skryf 'n resep vir 'n gunstelinggereg.
Skryf instruksies vir die maak van 'n koppie tee in die korrekte volgorde.
Voltooi 'n vloeidiagram vir tipiese daaglikse aktiwiteite.

**35 Meer oor voor- en agtervoegsels** 74
Bekendstelling aan voor- en agtervoegsels en stamwoorde.
Die betekenisse van voor- en agtervoegsels.
Teken nuwe woorde en hul betekenisse in eie woordeboek aan.

**36 Maak poppiedansers** 76
Lees die instruksies.
Voltooi die instruksies met verwysing na illustrasies.
Voltooi 'n vloeidiagram met behulp van voegwoorde.

**37 Skryf 'n brief met aanwysings** 78
Teken 'n kaart aan die hand van aanwysings.
Skryf aanwysings.

**38 Sinsontleding** 80
Identifiseer die onderwerp, werkwoord en voorwerp in sinne.
Identifiseer onoorganklike werkwoorde.
Skryf sinne met 'n onderwerp, 'n werkwoord en 'n voorwerp.
Teken nuwe woorde en hul betekenisse in eie woordeboek aan.

**39 Wat 'n woordeboek vir ons sê** 82
Identifiseer die konvensies in 'n woordeboek, soos die kopwoorde, die trefwoorde, definisies en woordsoorte.

**Vertel 'n storie**
**Kwartaal 2: Week 3 – 4**

**40 'n Ongelooflike nag** 84
Begripsoefening op grond van die teks.

**41 Meer oor die krokodil** 86
Uitvoerige begripsoefening, met inbegrip van meerkeusevrae en oop vrae.
Bekendstelling met bywoorde.
Bespreking van ontkenning, selfstandige werkwoorde, persoonlike voornaamwoorde en deelwoorde.
Teken nuwe woorde in hul betekenisse in eie woordeboek aan.

**42 Die volgende dag** 88
Voer 'n rolspel op grond van die storie op.
Fokus op menslike eienskappe.
Kies byvoeglike naamwoorde om die hoofkarakter te beskryf.
Gebruik byvoeglike naamwoorde om 'n karakterskets van die hoofkarakter te skryf.

**43 Ek skryf my storie** 90
Verlede nag het ek gedroom …
Teken nuwe woorde en hul betekenisse in eie woordeboek aan.

**44 Boekresensie** 92
Skryf 'n boekresensie op grond van die storie.
Feit of fiksie? Bespreek 'n inhoudsopgawe.
Oefen die gebruik van oorganklike en onoorganklike werkwoorde.


**45 Die jong Nelson Mandela** 94
Voorspel 'n storie op grond van illustrasies en opskrifte.
Bespreking van die storie: karakter, agtergrond en intrige.
Bekendstelling met die outobiografie as genre.
Teken nuwe woorde en betekenisse in eie woordeboek aan.

**46 Boekresensie** 96
Skryf 'n boekresensie waarin die intrige, agtergrond, tema en karakters opgesom word.
Teken nuwe woorde en hul betekenisse in eie woordeboek aan.

**47 Wat lees ek die graagste?** 97
'n Oorsig van tekstipes en -konvensies.
Taaldinge.
'n Bespreking van afkortings, aksente en die indirekte rede.

**48 Speel die môrespeletjie** 99
Maak sinne wat met Môre begin.

**Ons maak seker** 100
Gaan self na of uitkomste vir die 16 werkkaarte bereik is.
Teken nuwe woorde en hul betekenisse in 'n eie woordeboek aan.
Let op bladsy 98.



# 33 Ons bak kolwyntjies


Ons lees



## Resep vir pienk kolwyntjies



### Bestanddele

**Koekmengsel**

- 125 g sagte margarien
- 1 koppie suiker
- 3 eiers
- 1 teelepel vanielje-ekstrak
- $1\frac{1}{2}$ koppies selfrysmeel
- $\frac{3}{4}$ koppies melk

**Versiersel**

- 50 g ongesoute botter
- 2 koppies versiersuiker
- 2 eetlepels melk
- Strooisels vir versiering



Metode

| |
|---|
| |
| |
| |
| |
| |
| |
| |
| |
| |

Die kok het die instruksies vir die feetjiekoekies deurmekaar laat raak. Kyk of jy kan uitwerk hoe om dit te maak. Knip die instruksies op die teenoorstaande bladsy uit en plak hulle in die regte volgorde in hierdie spasie in.



Datum:

**nuwe woorde**

**Ons skryf**

Hoeveel melk het jy nodig?

Hoeveel meel het jy nodig?

Wat gebeur nadat jy die kolwyntjies uit die oond gehaal het?

Lees die resep sorgvuldig deur en maak 'n lys van al die kombuisgereedskap wat jy nodig sal hê om hierdie kolwyntjies te maak.

| | |
|---|---|
| | |
| | |
| | |
| | |

**Ons doen**

Knip hierdie instruksies uit en plak hulle in die korrekte volgorde in die spasie op die teenoorstaande bladsy.

Haal uit die oond en laat afkoel.

Meng die margarien en suiker en voeg dan die eiers en vanielje-ekstrak by. Klits dit goed om te meng.

Voorverhit die oond tot 180 °C. Plaas papiervormpies in die kolwyntjiepan.

Giet die mengsel in die papiervormpies.

Sif die meel by die margarienmengsel en voeg melk by.

Bak die kolwyntjies 20–25 minute.

Verroom (klits) die botter totdat dit bleek en glad is, en voeg die versiersuiker by.

Smeer die versiersel oor die kolwyntjies.

Strooi die strooisels oor.



# 34 Skryf ’n resep



**Ons skryf**

Skryf ’n resep vir jou gunstelinggereg. Skryf dit eers op rofwerkpapier. Vra ’n maat om dit te korrigeer. Skryf dit dan netjies hieronder oor.



## Resep vir ____________________

### Bestanddele

| | |
|---|---|
| | |
| | |
| | |

### Metode

| |
|---|
| |
| |
| |
| |
| |
| |





Datum:

## Ons skryf

Die instruksies hieronder is vir die maak van 'n koppie tee. Dit is in die verkeerde volgorde. Skryf dit in die korrekte volgorde in die vloeidiagram.



- Plaas drie sakkies in die teepot.
- Gebruik 'n teelepel om die tee in die koppie te roer.
- Laat die tee vyf minute lank trek.
- Voeg genoeg melk by.
- Verwarm die teepot met warm water.
- Giet kookwater oor die teesakkies.
- Vul die ketel met vars water.
- Skink die tee in die koppie.
- Kook die water in die ketel.

1

2

3

4

5

6

7

8

9

## Ons skryf

Gebruik hierdie raampies nou om 'n vloeidiagram op te stel van hoe 'n mens 'n toebroodjie maak.

# Meer oor voor- en agtervoegsels



## Wat is 'n voorvoegsel?

'n **Voorvoegsel** is nie 'n volledige woord nie. Dit is 'n woorddeel wat voor aan 'n volle woord (wat 'n stamwoord genoem word) bygevoeg word. Elke voorvoegsel het sy eie betekenis. Wanneer 'n voorvoegsel by 'n stamwoord gevoeg word, verander dit die betekenis van die stamwoord.



Ons doen

Kyk na die voorbeeld. Wat gebeur wanneer jy die **voorvoegsel** en die **stamwoord** saamvoeg? Wat beteken die nuwe woord?

| Voorvoegsel | + | Stamwoord |
|---|---|---|
| on- | | net |



Omkring die **voorvoegsel** in elk van die woorde. Onderstreep dan die **stamwoord**.

ontdek, hervul, onregverdig, onbekwaam, voorkennis, onenig, wangedrag, misverstand, hersien, verhuis, misplaas, onseker, ongelukkig, verspreek, voorbereiding, herhaal

Wat beteken hierdie voorvoegsels?

| Voorvoegsel | Betekenis | Voorvoegsel | Betekenis |
|---|---|---|---|
| her- | weer | be- | voorsien van |
| on- | nie | ver- | anders |
| wan- | verkeerd | mis- | verkeerd |



Ons skryf

Voeg voorvoegsels by die onderstreepte woorde om die betekenis van hierdie sinne te verander.

| | |
|---|---|
| **1.** Hy het hom altyd in die klas ____ gedra. | **2.** Die rekening is nog ____betaald. |
| **3.** Sy was altyd baie ____net. | **4.** Jy sal die gebou moet ____noem. |
| **5.** Sy het my ____moedig om dit te doen. | **6.** Die sokkerspeler was ____gelukkig omdat sy span verloor het. |
| **7.** Hy het my glad nie ____ken nie. | **8.** Sy ____bruik haar maats. |
| **9.** Hy was lui en ____betroubaar. | **10.** Die polisie het hom daarvan ____dink. |
| **11.** Die man het sy vrou ____handel. | **12.** Laat dit gerus weg, dit is ____belangrik. |

1 wan, 2 on, 3 on, 4 her, 5 ont, 6 on, 7 her, 8 mis, 9 on, 10 ver, 11 mis, 12 on

Kies drie van die voorvoegsels en gebruik hulle om drie sinne te skryf.

Datum:

# Wat is 'n agtervoegsel?



**Agtervoegsels** is soos voorvoegsels, behalwe dat hulle aan die einde van 'n stamwoord bygevoeg word om sy betekenis te verander. Byvoorbeeld, die agtervoegsel -vol beteken "vol van", daarom beteken die woord "gevoelvol" vol gevoel.

Ons doen

Kyk na die voorbeeld. Wat gebeur wanneer jy die **agtervoegsel** en die **stamwoord** verbind? Wat beteken die nuwe woord?

| Stamwoord | + | Agtervoegsel |
|---|---|---|
| kleur | | vol |





Wat beteken hierdie agtervoegsels? Omkring die **agtervoegsel** in elk van die woorde. Onderstreep dan die **stamwoord**.

luiaard, blydskap, hopeloos, vennootskap, verskriklik, eetbaar, hoopvol, vogtig, wonderlik, swakheid, wurmpie, vinnigste, hoogte, moederskap, wenslik, vroutjie, kinderagtig, versamelaar, bedoeling, wollerig, moegheid, hondjie

Wat beteken hierdie agtervoegsels?

| Agtervoegsel | Betekenis | Agtervoegsel | Betekenis |
|---|---|---|---|
| -loos | sonder | -tjie | verkleining |
| -vol | vol van | -pie | verkleining |
| -agtig | soos | -lik | soos |



Ons skryf

Voeg agtervoegsels by die onderstreepte woorde om die betekenis van die sinne te verander.

| | |
|---|---|
| **1.** Die <u>kinder</u>____ het gegil terwyl hulle speel. | **2.** Die herfsblare was 'n <u>kleur</u>____ gesig. |
| **3.** Op haar verjaarsdag was sy baie <u>geluk</u>____. | **4.** <u>Vader</u>____ het hom heeltemal verander na die geboorte van hulle baba. |
| **5.** Die baba het sy <u>duim</u>____ gesuig. | **6.** Die musiekopvoering was <u>wonder</u>____. |
| **7.** Superman is altyd <u>vrees</u>____. | **8.** Hierdie water is glad nie <u>drink</u>____ nie. |
| **9.** Hy was <u>versig</u>____ en het in sy toets geslaag. | **10.** Sy is die <u>slim</u>____ in die hele klas. |
| **11.** Die klere laat hom baie <u>man</u>____ lyk. | **12.** Die vlakte was vol <u>karoobos</u>____. |

1 tjies, 2 volle, 3 kig, 4 skap, 5 pie, 6 lik, 7 loos, 8 baar, 9 tig, 10 ste, 11 lik, 12 sies

Kies drie van die agtervoegsels en gebruik hulle om drie sinne te skryf.

______________________________

______________________________

______________________________

'n Mens kan ook nuwe woorde vorm deur die klinkers te verander. Kyk bv. na skryf – skrif, vlieg – vlug.

ONDERWYSER: Teken ________ Datum ________

# Maak poppiedansers





Ons doen

Kyk na die illustrasies wat jou wys hoe om hierdie poppies te maak. Werk dan as groep uit wat jy moet doen om die poppies te maak. Skryf die instruksies in die spasie onder aan die bladsy.

## Wat jy nodig het

- ✓ Bostikgom
- ✓ 3 pypskoonmakers
- ✓ 2 mediumgrootte pompons (met 'n deursnee van 4 cm)
- ✓ een klein pompon
- ✓ 2 ronde ogies
- ✓ 'n veer vir die stert
- ✓ 2 knope vir die voete






## Hoe om jou eie pompons te maak

1. Teken twee ewe groot sirkels op 'n stuk karton. Knip hulle uit.
2. Teken twee kleiner sirkels binne-in die groter sirkels. Knip hulle uit, sodat jou groter sirkels nou gate in die middel het.
3. Plaas die sirkels op mekaar en draai dit met wol toe totdat dit heeltemal bedek is. Jy kan twee of drie stukke wol saam gebruik sodat jy die sirkels makliker kan bedek.
4. Gebruik 'n skerp skêr en knip die wol al met die rande van die twee sirkels langs.
5. Trek 'n stuk wol tussen die kartonsirkels deur en bind dit stewig vas. Haal die kartonsirkels dan uit.



Ons skryf

Skryf nou wat jy met al die benodigdhede asook die pompons sal maak.

# Hoe ek 'n tipiese dag deurbring



**Ons doen**

Vul die verskillende tye in die raampies in, en teken dan prentjies om te wys wat jy op die verskillende tye doen.

Eers, om

Dan, om

Daarna, om

Verder, om

Nog later, om

Laastens, om

**Ons skryf**

Omskep jou vloeidiagram nou in sinne waarin jy verduidelik hoe jy 'n tipiese dag deurbring.

ONDERWYSER: Teken Datum

# 38 Skryf 'n brief met aanwysings



**Ons skryf**

Skryf 'n brief aan 'n maat wat in 'n ander dorp woon, en nooi hom of haar na jou skoolkonsert uit. Jy sal inligting moet gee oor wie in die konsert optree, hoe laat dit begin, waar jou skool geleë is en op watter datum dit gaan plaasvind.



Skryf jou adres hier.


Skryf die datum hier.




Skryf 'n gepaste groet of aanhef.

Skryf jou slot hier.

Skryf jou naam hier.



- Gebruik 'n geheuekaart om jou te help om jou skryfstuk te beplan.
- Skryf dit eers op rofwerkpapier.
- Vra 'n maat om dit vir jou te korrigeer.
- Hersien jou teks en bring die nodige korreksies aan.
- Skryf dit dan netjies in jou boek oor.



Datum:

**Ons doen** Teken 'n kaart van een plek (jou huis, 'n bushalte of 'n winkel) na jou skool toe.

**Ons skryf** Skryf nou die aanwysings neer.

ONDERWYSER: Teken ____________ Datum ____________

# Sinsontleding



**Ons skryf**

Lees hierdie sinne saam met jou maat.

Onderstreep die onderwerp in rooi. Die onderwerp is die persoon of ding wat die handeling uitvoer.

Onderstreep die gesegde (werkwoordgedeelte) in blou. Die werkwoord is die aksiewoord.

Onderstreep die voorwerp in groen. Dit sê vir ons wie of wat deur die werkwoord geraak word.






| |
|---|
| Die katte het die muise gejaag. |
| Anita het van Jabu gehou. |
| Die sjef het die ete verbrand. |
| Die seun het die venster gebreek. |
| Die meisie het 'n vlieër gevlieg. |
| Ons het 'n koek gebak. |





Onderstreep die **werkwoord** in elk van hierdie sinne. Omkring dan die **voorwerp**.

| | |
|---|---|
| Sy het die venster gebreek. | Ek het my glas volgemaak. |
| Hy was sy gesig. | Mandu het haar dagboek weggesteek. |
| Die haas het eerste weggespring. | Anita het 'n e-pos geskryf. |

## Onoorganklike werkwoorde

Kyk nou na hierdie sinne. Onderstreep die **onderwerp** en die **werkwoord.** Nie een van die sinne het voorwerpe nie.

Onoorganklike werkwoorde het geen voorwerpe nodig nie.



| | |
|---|---|
| Sy lees. | Die hond slaap. |
| Ons eet. | Hulle werk. |
| Sy huil. | Hulle hardloop. |
| Katte spin. | Die boot het gesink. |







Datum:


**Ons skryf**


Lees die volgende sinne aandagtig deur. Onderstreep die onderwerp in rooi, die gesegde (werkwoordgedeelte) in blou en die voorwerp in groen.



| |
|---|
| Anita het vandag baie vrae in die klas beantwoord. |
| Mandu het my potlood geleen. |
| Jabu het 'n papiervliegtuig by die venster uitgegooi! |
| My suster lees haar biblioteekboek. |
| My ma kook bredie. |
| Ek luister na die radio. |
| Ag nee! Ek het my selfoon verloor! |
| Die hael het teen die ruite gespat. |
| Ek het R10 in my beursie. |








**Ons skryf**

Skryf nou jou eie sinne. Onderstreep die onderwerp in rooi, die gesegde (werkwoordgedeelte) in blou en die voorwerp in groen.



ONDERWYSER: Teken ____________ Datum ____________

# Wat 'n woordeboek vir ons sê





Ons lees

'n **Verklarende woordeboek** sê vir ons wat woorde beteken en hoe om hulle uit te spreek. Die woorde in 'n woordeboek is in **alfabetiese volgorde** gerangskik.

Die **kopwoorde** boaan die bladsye sê vir ons wat die eerste en laaste woorde op daardie bladsye is.

Die vetgedrukte woorde op die bladsy word die **trefwoorde** genoem. Dit help ons om die woorde wat ons soek, vinnig op te spoor.

Langs elke trefwoord word aangedui watter soort woord dit is – 'n selfstandige naamwoord, 'n werkwoord, 'n byvoeglike naamwoord of 'n bywoord. Indien dit 'n selfstandige naamwoord is, word die meervoud ook aangedui.

**maal**

a b c d e f g h i j k l **Mm** n o p q r s t u v w x y z

**maal**, ww. (gemaal). Vermenigvuldiging: *Maal* 12 *met* 6. *Moet ek maal of deel?* **maal'teken.**

**maal**, ww. (gemaal). (*w.g.*) Beskryf, afbeeld.

**maal'gat**. Plek in 'n rivier, see, ens., waar die water vining en met groot geweld ronddraai of maal en drywende voorwerpe of swemmers intrek na sy middelpunt.

**maal'stroom.** **1.** Stroom wat ronddraai soos in 'n tregter. Vgl. DRAAIKOLK. **2.** (*fig.*) Verwarrende menigte: 'n Maalstroom van bedrywighede. *Jou in die maalstroom van die wêreld stort,* in omstandighede begewe wat jy nie kan beheer nie.

**maal'tand.** Kiestand, maler.



**maal'tyd**. **1.** Handeling van te eet: *Die ontbyt is die eerste maaltyd. Na die maaltyd.* **2.** Wat geëet word: *'n Lekker maaltyd opdien. Warm, ligte maaltyd.* UITDR.: *Wie nie pas op sy tyd, is sy maaltyd kwyt,* wie laatkom, kry geen kos nie.

**maal'tyd**. Tyd wanneer koring, suiker, ens gemaal word.

**maal'vleis**. Vleis wat fyngemaal is; gemaalde vleis; gehak: *Maalvleis eet.*

**maan,** s.nw. (mane; -tjie). Byplaneet van die aarde wat maandeliks daaromheen draai, sy lig van die son kry en dit op die aarde terugkaats: *Die maan skyn, kom op, groei , neem af. Die maan is vol. by donker maan.* UITDR.: **Alles** (*iemand*) *is na die maan,* verlore. *Vir die maan* **blaf**, iets tervergeefs doen; verniet uitskel. *Deur die maan* **getik** *wees,* mallerig wees. *Glo dat die maan van* **kaas** *gemaak is* – gesê van iemand wat hom maklik iets laat wysmaak. *Die maan* **kom** *op* – gesê van iemand met 'n kaal kop. **Loop** (*vlieg*) *na die maan*, trap, gaan na die duiwel. *Aan die maan wil* **vat**, die onmoontlike probeer doen. **Maan: ... beskrywing, ..bewoner, ..foto, ..godin, ..kaart, ..kringloop, ..loos, ..reënboog, ..straal, ..vlek, ..vlug, ..vormig. maans: ...ondergang, ..opgang.**

**maan**, ww (gemaan). **1.** Aandring op betaling, op nakoming van verpligtinge: *Iemand om geld maan.* **2.** Aanspoor, opwek; waarsku: *Hy het ons tot versigtigheid gemaan. Teen gevaar maan. Iemand maan om sy verantwoordelikheid na te kom.* **Maan'brief.**

**maan**, (mane, maanhare). Sien MAANHAAR.

**maan'baan**. Baan wat die maan om die aarde en daarmee om die son beskryf.

**maand**, (-e) **1.** Elkeen van die twaalf tydperke, elk met sy eie naam, waarin 'n jaar verdeel word: *Die maand Februarie het 28 en in 'n skrikkeljaar 29 dae. Die 12 maande van die jaar. Die laaste maand (van die jaar) vakansie hou.* **2.** Periode van 30 of 31 dae: *'n Maand [se] salaris. 'n Bedrag oor nege maande terugbetaal. Hy het 6 maande gekry* – as tronkstraf. *Hy is al maande lank siek.* **maand: ..berig, ..geld, ..oud, ..staat, ..verslag.**

**Maan'dae**, bw. Ook **Maandags**. Op 'n Maandag, elke Maandag: *Maandae speel ons enkelspel, werk die predikant nie.*

**Maan'dag**. Tweede dag van die week: *Elke Maandag teruggaan koshuis toe. Maandag is wasdag. Blou Maandag,* dag waarop alles verkeerd loop. *Elke blou Maandag,* af en toe. **Maandag: ..aand, ..middag, ..more, ..oggend, ..nag, ..namiddag.**

**Maan'dags**, b.nw. en bw. Ook **Maandae**. Op Maandag, wat Maandag betref: *Die Maandagse koerant. Iets wat Maandags gebeur. Maandags was die vrou altyd die week se wasgoed.*

**maand'blad**. Blad wat een maal per week verskyn.

**maan'de·lan·ge**, b.nw. Wat baie maande duur: *'n Maandelange oponthoud siekte.*

**maan'de·liks**, b.nw. en bw. Per maand,

93

Datum:



al om die maand: *Maandelikse rekeninge. Maandeliks huishuur betaal. Maandelikse trossies nastergal* (D. J. Opperman)

**maan'haar**, (mane, maanhare). **1.** Langerige nekhare by sommige diere, bv. Leeu, perd: *Die perd se maanhare lê plat agtertoe soos hy hardloop. Sy maanhare rys gou,* hy is opvlieënd. **2.** Leeumannetjie. **Maan'haarleeu.**





**maan'haar**. **1.** Rif in die middel van 'n uitgeryde grondpad; middelmannetjie. **2.** Bergrug. **Maan'haarpad.**

**maan'haar·jak·kals**. Nagdier met maaanhaar en dik behaarde stert, geelrys met strepe, wat van miere en insekte leef en oor die hele S.A. voorkom; *Proteles critatus;* erdwolf, werewolf, nadroejakkals, gheip: *Die maanhaarjakkals behoort nie tot die familie van die ander jakkalse nie.*

**maan'jaar**. Jaar na die omloop van die maan bereken

**maans'om·loop**. Omloop van die maan

**maan'steen**. Spierwit edelsteen; veldspaat.



**maan'tuig**. Voertuig gebruik om die maan te bereik.



**maans'ver·duis·te ·ring**; verduistering van die maan as dit in die aarde se skaduwee kom.

**maan'tjie**, (-s). Vkw. van *maan*. **1.** Klein maan. **2.** Ligter gekleurde gedeelte aan die voet van vingernaels.

**maar**[1], (mare). Ketelvormige insakking in nie-vulkaniese gesteentes, gewoonlik 'n meer.

**maar**[2]. Ook **mare**. (*w.g.)* Tyding: *Hoor die blye mare* (Hallelujalied).


**maar**[3]. Voegw. om by teenstellende sinsverband twee sinsdele te verbind: *Nie woorde nie, maar dade is nodig. Hulle het oë, maar sien nie.* Ook gebruik as sydelingse teenwerping, bv. *maar verstaan jy dan nie?* II bw. **1.** Net, slegs: *Jy het maar een kans. Was hy maar hier. As hy maar wil gou maak.* **2.** Regtig, nogal, inderdaad: *Dis maar bra vervelend. Dit wil maar nie vlot nie.*

a b c d e f g i j k l **Mm** n o p q r s t u v w x y z



Die **definisie** sê vir ons wat die woord beteken. Wanneer 'n woord meer as een betekenis het, word die verskillende definisies genommer.

Sommige definisies gee voorbeelde van hoe die woord gebruik kan word.



Ons praat

Gee die afkortings vir die volgende woordsoorte uit die woordeboekbladsye:

- werkwoord
- selfstandige naamwoord
- bywoord
- byvoeglike naamwoord
- voegwoord

ONDERWYSER: Teken ______ Datum ______

# ’n Ongelooflike nag



**Voordat jy lees**
- Kyk na die prente en opskrifte en probeer voorspel waaroor die teks sal handel.
- Vluglees die bladsy om ’n aanduiding van die inhoud te kry.

**Terwyl jy lees**
- Vergelyk jou voorspellings met die teks.
- As daar iets is wat jy nie verstaan nie, lees dit weer stadig deur. Lees dit hardop.




**Ons praat**

- Het jy al ooit ’n nagmerrie gehad?
- Waarvan het jy gedroom?
- Het jy al ooit gedroom van ’n boek wat jy besig was om te lees?



**Ons lees**





Een nag lê Lindie in die bed en lees van krokodille in haar gunstelingtydskrif, *Diere van ons Land*. Voordat sy aan die slaap raak, sit sy die tydskrif op die boekrak buite die badkamer neer. Later daardie nag, toe sy badkamer toe gaan, hoor sy ’n sisgeluid wat uit die boekrak kom. Omdat sy half aan die slaap is, gee sy nie regtig aandag daaraan nie. Maar toe begin die hoop koerante en tydskrifte op die boekrak beweeg. Die stapel koerante val om, en skielik lê die tydskrifte en boeke gesaai oor die vloer en word die gesis al harder. Lindie kan haar oë nie glo nie: ’n grommende, snorkende krokodil kruip uit die boekrak uit. Sy bly versteen staan. Sy kyk hoe die krokodil uit die boekrak uitkruip en stadig in die vertrek rondkyk. Dit lyk asof hy sopas uit die water gekom het. Sy hele lyf is druipnat en hy maak ’n dam water op die vloer. Die krokodil maak ’n sisgeluid en swaai sy kop en stert heen en weer. Hy maak sy bek oop en Lindie sluk hard toe sy die ry lang tande sien.




Die tydskrif *Diere van ons Land* lê op die vloer langs die krokodil. Iets omtrent die tydskrif lyk nie heeltemal reg nie, en toe sien sy die prent op die buiteblad lyk anders. In plaas van ’n groot krokodil op ’n rivieroewer, is dit nou net ’n prent van ’n leë oewer. Sy tel die tydskrif op. Net toe slaan die krokodil so hard met sy stert dat hy haar ma se gunstelingblompot breek en glasstukke oor die vloer spat. Lindie hardloop na haar kamer toe en klap die deur toe.

Sy gaan sit op haar bed, baie verlig. “Dalk kan ek van hom ontlae raak deur hom iets te ete te gee,” dink sy.

Datum:



Sy kyk na die tydskrif *Diere van ons Land* en sê vir haarself: "As die krok uit die prentjie kon kruip, kan ander diere dit dalk ook doen." Sy blaai deur die tydskrif en kry 'n prentjie van 'n klomp flaminke.

"Dit sal 'n goeie maaltyd vir die krok wees," dink sy. Toe laat 'n harde klapgeluid haar wip, en sy sien die punt van die krokodil se stert deur die versplinterde deur steek.


Deur Franz Hohler

(Aangepas uit die PIRLS).



**Ons doen**

Hierdie sinne oor Lindie se storie is in die verkeerde volgorde. Nommer hulle in die korrekte volgorde. Ons het 'n paar van hulle genommer om jou te help.



| | |
|---|---|
| | Later het sy badkamer toe gegaan. |
| | Sy sien 'n krokodil wat sis en sy kop en stert heen en weer swaai. |
| 2 | Sy raak aan die slaap. |
| | Sy sluit haarself in die slaapkamer toe. |
| | Sy kry 'n prentjiie van flaminke. |
| | Die krokodil vreet die flaminke op. |
| 9 | Die krokodil raak aan die slaap. |
| | Die flaminke spring uit die prentjie uit. |
| 1 | Lindie lees die tydskrif *Diere van ons Land* en sit dit op die boekrak neer. |

ONDERWYSER: Teken ______ Datum ______

# Meer oor die krokodil









Ons skryf

Lees die storie, "'n Ongelooflike Nag", en beantwoord hierdie vrae dan deur die letter langs die regte antwoord te omkring.

Wat was die eerste teken dat iets buitengewoon besig was om te gebeur?

| | |
|---|---|
| a | Die stapel koerante het begin beweeg. |
| b | Lindie het gesien die prentjie op die tydskrif se buiteblad is leeg. |
| c | Haar kamerdeur was stukkend. |
| d | Lindie het 'n sisgeluid gehoor. |

Hoe is die slaapkamerdeur gebreek?

| | |
|---|---|
| a | Die krokodil se tert het dit stukkend geslaan. |
| b | Haar ma se blompot het daarteen vasgeskiet. |
| c | Die flamink se skerp bek het daarteen gekap. |
| d | Lindie het die deur so hard geklap dat dit gebreek het. |

Waar het die krokodil vandaan gekom?

| | |
|---|---|
| a | Die badkamer |
| b | 'n Tydskrif se buiteblad |
| c | Onder die bed uit |
| d | Van 'n rivier daar naby |

Watter woorde sê vir ons dat Lindie bang was?

| | |
|---|---|
| a | Versteen staan |
| b | Kon haar oë nie glo nie |
| c | Was verlig |
| d | Hoor 'n sisgeluid |

Waarom het Lindie gedink dat die krokodil haar wou aanval?


| | |
|---|---|
| a | Hy het sy tande gewys. |
| b | Hy het hard gesis. |
| c | Hy het begin grom en snork. |
| d | Hy het sy stert heen en weer geswaai. |

**Bywoorde:** Ons noem woorde wat werkwoorde beskryf, **bywoorde**, bv. Die krokodil se stert het die deur **stukkend** geslaan. Stukkend beskryf *hoe* dit geslaan is. Bywoorde het gewoonlik ook trappe van vergelyking: stukkend, stukkender, stukkendste.

1. Onderstreep die **werkwoorde** in al die antwoorde.
2. Omkring die **bywoorde** wat daarby pas (as daar is) met geel.

Waarom het Lindie die flaminke uit die tydskrif geroep?

Noem twee maniere waarop die tydskrif Lindie gehelp het.



Datum:



**nuwe woorde**

Dink jy die krokodilstorie was deel van Lindie se droom? Gee een bewys dat dit 'n droom was.

Wat noem ons dit in Afrikaans wanneer ons sê dat iets nie so is nie? Dit is **ontkenning**.

Gee nou een feit wat bewys dat dit nie 'n droom was nie.

## Selfstandige werkwoorde

In Afrikaans kry ons **selfstandige werkwoorde**. Dit is werkwoorde wat 'n verlede tyd kan hê.

*Sy* ***stap*** *huis toe.*
*Sy het huis toe* ***gestap***.

Ons skryf

Onthou jy nog dat **persoonlike voornaamwoorde** in die plek van iemand se naam gebruik word?

Lees die sinne en onderstreep dan die **selfstandige werkwoorde**. Omkring in elke sin die **onderwerp** (die een wat die aksie/werk doen). Hierdie woorde sal almal óf 'n **selfstandige naamwoord** óf 'n **persoonlike voornaamwoord** wees.

| | |
|---|---|
| Ek gaan supermark toe. | Hy drink melk. |
| Sy gaan swembad toe. | Hulle kyk na die wedstryd. |
| Hulle het stadion toe gegaan. | Ek ry fiets. |
| Jy speel voetbal. | Sy borsel haar hare. |
| Ek lees 'n boek. | Hy hardloop elke dag skool toe. |

**Deelwoorde** is woorde wat twee funksies deel, bv. gesnyde boontjies.

Dit lyk na 'n byvoeglike naamwoord en na 'n werkwoord.

Onderstreep die **deelwoorde** in die volgende sinne:

Die hardlopende seun is uitasem.

Die gebreekte koppie lyk sleg.

Die huilende baba maak my gek!

ONDERWYSER: Teken Datum

# Die volgende dag







Ons praat

## Rolspel

- Dink 'n rolspel uit waarin jy wys hoe Lindie haar ouers vertel wat gebeur het.
- Dink jy haar ouers het die storie geglo?
- Wys hoe Lindie haar ouers oorreed het om te glo wat sy hulle vertel het oor waarom die vloer nat geword het, haar ma se vaas gebreek het en haar slaapkamerdeur 'n gat ingekry het. Bedink 'n einde vir jou toneelstuk.

Ons skryf

Kyk weer na die storie. Konsentreer op Lindie as karakter. Dink na oor al die dinge wat sy gedoen het om haarself van die krokodil te red. Vul 'n paar **byvoeglike naamwoorde** in om haar persoonlikheid te beskryf.



Gebruik nou die **byvoeglike naamwoorde** om 'n karakterskets van Lindie te skryf.

Datum:



**Ons skryf**

Beplan om 'n beskrywing van 'n droom of nagmerrie wat jy gehad het, te skryf. Gebruik die geheuekaart vir jou beplanning.

Jou onderwerp is: "**Verlede nag het ek gedroom ...**" . Vul jou hoofidees op die geheuekaart in. Sê wat jy gedoen het voordat jy gaan slaap het, wat in jou droom gebeur het en hoe dit geëindig het. Vertel hoe jy tydens die droom gevoel het. Was jy bang?
Nadat jy dit gedoen het, moet jy 3 of 4 paragrawe oor jou droom skryf. Skryf jou beskrywing eers op rofwerkpapier. Vra jou maat om dit na te gaan. Môre gaan jy jou werk netjies in die volgende werkkaart oorskryf.

5 Toe ek wakker geword het

1 Voordat ek gaan slaap het

"Verlede nag het ek gedroom ..."



2 Hoe die droom begin het

4 Hoe die droom geëindig het

3 Hoe ek tydens die droom gevoel het

- Gebruik 'n geheuekaart om jou te help om jou skryfstuk te beplan.
- Skryf dit eers op rofwerkpapier.
- Vra 'n maat om dit vir jou te korrigeer.
- Hersien jou teks en bring die nodige korreksies aan.
- Skryf dit dan netjies in jou boek oor.

ONDERWYSER: Teken ____________ Datum ____________

# 44 Ek skryf my storie

**Ons skryf** Skryf jou storie netjies in die spasie hieronder oor.

*Verlede nag het ek gedroom dat ...*

Datum:

ONDERWYSER: Teken Datum


# 45 Boekresensie





**Ons skryf** Skryf 'n boekresensie oor die "boek" *'n Ongelooflike Nag*.

| | |
|---|---|
| Titel van die boek | |
| Skrywer | |
| Intrige<br>Wat gebeur in die storie? | |
| Agtergrond<br>Waar en wanneer speel die storie hom af? | |
| Karakters<br>Wie is die mense in die storie? | |
| Is die boek feit of fiksie? | |
| Tema<br>Waaroor handel die storie?<br>Wat is die boodskap van die storie? | |
| Waarvan ek gehou het<br>Wat was die beste deel van die storie? | |
| Aanbeveling<br>Waarom jy die storie vir 'n maat sou aanbeveel. | |





Datum:

# Feit of fiksie?


# Inhoud

Artikels


2 Kommentaar van die Redakteur

4 Klaar met skool!

8 Word met dapper en stapper gesond

10 Advertensies – die verskuilde boodskap

12 Taxibestuurder – deel 4

14 Sien om na jou omgewing

16 Briewe – sê jou sê

18 Die jonges – 'n Suid-Afrikaanse verhaal

22 Alkohol behoort verbied te word


24 Die beste plekke om te besoek







**Ons skryf** Kyk na die lys artikels in hierdie tydskryf. Skryf of elkeen feit, fiksie of mening is.

| | |
|---|---|
| 2 | |
| 4 | |
| 8 | |
| 10 | |
| 12 | |
| 14 | |
| 18 | |
| 22 | |
| 24 | |



Wat is **oorganklike** en **onoorganklike werkwoorde**?

| **Oorganklike werkwoorde** het 'n voorwerp waarop die aksie oorgaan. | **Onoorganklike werkwoorde** het geen voorwerp nodig nie. |
|---|---|
| Omkring die werkwoord en onderstreep die voorwerp in elke sin. | Omkring die werkwoord in elke sin. |
| Ek het koekies gebak. | Die voël het gesing. |
| Ons het ons fietse gery. | Ek het gelag. |
| Hy het die tafel geskuif. | Ek het gehuil. |
| Sy het 'n skildery geskilder. | Die boek het geval. |
| Die seun het die bal geskop. | Die son het ondergegaan. |





ONDERWYSER: Teken Datum

# Die jong Nelson Mandela





**Ons praat**

- Het jy al van Nelson Mandela gehoor?
- Watter ander beroemde mense ken jy?

**Wat is 'n outobiografie?**
'n Outobiografie is 'n lewensverhaal wat vertel word deur die persoon wie se lewe dit is. **Outo** beteken "self", **bio** beteken "lewe" en **grafie** beteken "geskrif". Die outeur is altyd die hoofkarakter in 'n outobiografie. Outobiografieë vertel dus die verhaal van die outeur se lewe.
In hierdie werkkaart lees ons 'n deel van die biografie *The Long Walk to Freedom* deur Nelson Mandela. Ons het dit vir skooldoeleindes verwerk.



**Ons lees**




My naam is Nelson Mandela. Ek woon in Suid-Afrika, 'n baie mooi land aan die onderpunt van Afrika. Ek is op 18 Julie 1918 in die klein dorpie Mvezo in die Oos-Kaap gebore, dus is ek al 'n baie ou man. My pa was 'n stamhoof. Hy het my die naam Rolihlahla gegee, wat in isiXhosa "moeilikheidmaker" beteken.

Ek was nog baie jonk, omtrent 1 of 2, toe my gesin na Qunu verhuis het. Ek was baie gelukkig in Qunu. Terwyl ek grootgeword het, het ek my gesin se skape en bokke opgepas.

Ek het saam met my maats in die veld gespeel. Ons het in die riviere geswem en die soetste heuning geëet, wat ons uit byekorwe gehaal het. Ek het altyd gesorg dat die bye my nie steek nie. Eendag het ek 'n donkie probeer ry. Dit het baie goed gegaan, totdat die donkie my in 'n doringbos gegooi het!

Net nadat ek 7 geword het, , het my pa my na die sendingskool toe gestuur. Ek was die eerste lid van my gesin wat skoolgegaan het. My pa was nooit op skool nie. Ons moes deftige klere skool toe dra, maar my gesin was te arm om skoolklere te bekostig. My pa het van sy ou broeke geneem en dit by die knieë afgesny. Omdat ek nie 'n gordel gehad het nie, het my pa 'n stuk tou deur die broek se lussies geryg om as gordel te dien. Tog was ek baie, baie trots daarop om daardie broek te dra.



Op skool het my onderwyser besluit om my Nelson te noem. Kan jy jou voorstel hoe dit voel om 'n nuwe naam te kry wanneer jy al 7 jaar oud is?

**Voordat jy lees**
- Kyk na die prente en opskrifte en probeer voorspel waaroor die teks sal handel.
- Vluglees die bladsy om 'n aanduiding van die inhoud te kry.

**Terwyl jy lees**
- Vergelyk jou voorspellings met die teks.
- As daar iets is wat jy nie verstaan nie, lees dit weer stadig deur. Lees dit hardop.

Datum:



Ek was gelukkig by die skool en by die huis. My ma het my altyd baie stories oor die ou dae vertel. Ek het baie uit haar stories geleer. Sy het my geleer om altyd goedhartig teenoor ander mense te wees. My pa het my geleer om dapper te wees, en ek wou graag so dapper soos hy wees. Hy was my rolmodel. Ek het dikwels as in my hare ingevryf sodat dit grys kon lyk soos syne. Ek was lief vir my pa.


Kort nadat ek 9 jaar oud geword het, het my lewe verander omdat my pa dood is.

Ek moes my paar besittinkies oppak en saam met my ma na ons nuwe huis toe loop. Dit was vir my baie swaar om van Qunu af weg te gaan. Ek het omgedraai en na ons huis gekyk en gedink aan die geluk wat ek agterlaat.

Ek het gekyk na die hutte en na die mense wat met hulle werk voortgegaan het. Toe het ek na die stroompie gekyk waarin ek geplas en saam met die ander seuns gespeel het. Ek het besef dat ek nie meer met my maats sou kon speel nie. My oë het gerus op die drie hutte by my huis. Ek is daar weg – maar ek kon my nie voorstel hoe my toekoms sou wees nie.

Ek het by oom Jongi in Mqhekezweni, 'n nabygeleë dorpie, gaan woon. Hy was my pa se beste vriend. Ek het Qunu en my familielede gemis, maar ek het 'n goeie lewe by oom Jongi gehad. Ek het met sy seun, Justice, gespeel en ons het baie pret gehad. Ons het perdgery, in die tuin gewerk, in die groen veld gespeel en in die rivier geswem.

Oom Jongi het my soos sy eie kind laat voel. Ek het 'n skool daar naby bygewoon. Kort na my sestiende verjaarsdag het oom Jongi my na die Clarkebury-skool gestuur. Net soos my pa, het my oom geglo onderwys is baie belangrik. Drie jaar later is ek by die Healdtown-hoërskool ingeskryf. Ek het my bes gedoen op skool en hard gewerk. Nadat ek my skoolopleiding voltooi het, is ek na die Universiteit van Fort Hare. Ek was toe 21.



ONDERWYSER: Teken Datum

# 47 Boekresensie



Ons skryf

Skryf 'n boekresensie oor die verhaal van Nelson Mandela se kindertyd uit die *Long Walk to Freedom*.

| | |
|---|---|
| Titel van die boek | |
| Outeur | |
| Intrige<br>Wat gebeur in die storie? | |
| Agtergrond (tyd en ruimte)<br>Waar en wanneer speel die storie hom af? | |
| Karakters<br>Wie is die mense in die storie? | |
| Is die boek feit of fiksie? | |
| Tema<br>Waaroor handel die storie?<br>Wat is die storie se boodskap? | |
| Waarvan ek gehou het<br>Wat was die beste deel van die storie? | |
| Aanbeveling<br>Waarom jy die storie vir 'n maat sou aanbeveel. | |



Datum:

# Wat lees ek die graagste?




Tot dusver het jy 'n verskeidenheid tekste in die werkboek gelees en geskryf. Wat is die kenmerke van elke tipe teks, en watter tipe teks geniet jy die meeste? Bespreek die kenmerke daarvan met jou groep. Orden die tekste dan volgens jou persoonlike voorkeur van 1 tot 12. Ons het party van die antwoorde vir jou begin invul.



| Tipe teks/genre | Wat is die kenmerke van hierdie tipe teks? | Orden |
|---|---|---|
| Koerantberigte<br>Werkkaart 1, 3, 5, 7 | Opskrifte, naamreëls, verlede tyd | |
| Volksverhale<br>Werkkaart 9, 11, 13 | Boodskappe en dierekarakters met menslike eienskappe | |
| Pamflette | | |
| Advertensies<br>Werkkaart 17, 18 | Oorredende taal | |
| Oorredende tekste | | |
| Toneelstukke of dialoë | | |
| Gedigte<br>Werkkaart 29–32 | Letterlike taal, figuurlike betekenis, stylmiddele en beeldspraak | |
| Instruksies<br>Werkkaart 36 | Die gebruik van instruksies en prente | |
| Dagboeke<br>Werkkaart 53 | Verlede tyd | |
| Boekresensies | | |
| Inligtingsteks/Resepte<br>Werkkaart 33, 34 | Bestanddele en metodes | |
| Outobiografie<br>Werkkaart 46 | Die lewensverhaal van die outeur | |



ONDERWYSER: Teken Datum

# Afkortings, aksente en die indirekte rede

Kom ons kyk watter van die woorde wat in die outobiografie gebruik is, ook afkortings het.

Ons skryf

Vul die afkortings in. As jy 'n afkorting nie ken nie, kan jy dit in 'n woordeboek naslaan.



| | | | |
|---|---|---|---|
| Julie | | Suid-Afrika | |
| Jaar | | Onderwyser | |
| Meneer | | Universiteit | |

Ons skryf

## Indirekte rede

Skryf die volgende sinne in die **indirekte rede**. (Onthou wat moet verander wanneer ons direkte rede in indirekte rede oorskryf.)

Meneer Mandela sê: "Ek moes my besittings oppak en saam met my ma na ons nuwe huis toe loop."

Hy sê: "Ek is daar weg, maar ek kon my nie indink hoe die toekoms sou wees nie."

## Die gravisaksent

Ons gebruik twee tipes aksente in Afrikaans: Die **gravisaksent** (die "agteroor" aksent), bv. òf jy òf ek moet die kar was. Dit word op sekere kort klanke gebruik.

## Die akuutaksent

Die **akuutaksent** word gewoonlik gebruik op woorde wat ons by ander tale geleen het en wat 'n ander uitspraak het as waaraan ons gewoond is, bv. cliché. Ons gebruik dit ook vir beklemtoning, bv. Dit is kóúd vandag!

Datum: ____________

# Speel die môrespeletjie

- Skiet 'n muntstuk op.
- Indien jy kop kry, beweeg jy twee plekke vorentoe.
- Indien jy munt kry, beweeg jy net een plek vorentoe.
- Bou 'n sin met die woorde deur met "Môre" te begin.

BEGIN

1 Môre ... biblioteek ...

2 Môre ... middagete ...

3 Môre ... boek lees.

4 Môre ... sokkeroefening ...

5 Môre ... slaap.

6 Skuif 4 blokke terug.

7 Môre ... netbal speel.

8 Môre ... telefoon praat.

9 Môre ... strand ...

10 Môre ... huiswerk ...

11 Môre ... fiets ...

12 Skuif 4 blokke terug.

13 Môre ... dieretuin ...

14 Môre ... my vriend in Durban ...

15 Jy verbeur 'n beurt.

16 Môre ... kamer ...

17 Môre ... TV ...

18 Skuif 4 blokke terug.

19 Môre ... tuin ...

20

EINDE







ONDERWYSER: Teken ____________ Datum ____________

# Ons maak seker



| Ek kan | 🙂 | 🙁 |
|---|---|---|
| 'n resep vir kolwyntjies lees. | | |
| die gebruike van instruksies identifiseer. | | |
| begripsvrae op grond van 'n resep beantwoord. | | |
| 'n resep vir 'n gunstelinggereg neerskryf. | | |
| instruksies vir die maak van 'n koppie tee in die korrekte volgorde neerskryf. | | |
| 'n vloeidiagram van tipiese daaglikse aktiwiteite voltooi. | | |
| stamwoorde asook voor- en agtervoegsels identifiseer. | | |
| voor- en agtervoegsels reg gebruik. | | |
| instruksies op grond van 'n diagram skryf. | | |
| 'n brief met aanwysings skryf. | | |
| 'n kaart volgens aanwysings teken. | | |
| aanwysings skryf. | | |
| die onderwerp, gesegde (werkwoordgedeelte) en voorwerp van 'n sin identifiseer. | | |
| onoorganklike werkwoorde identifiseer. | | |
| sinne met 'n onderwerp, 'n gesegde (werkwoordgedeelte) en 'n voorwerp skryf. | | |
| 'n verklarende woordeboek korrek gebruik. | | |
| 'n kortverhaal lees. | | |
| begripsvrae op grond van teks beantwoord. | | |
| nuwe woorde en betekenisse in my persoonlike woordeboek aanteken. | | |
| byvoeglike naamwoorde kies om 'n karakter te beskryf. | | |
| byvoeglike naamwoorde gebruik om 'n karakterskets te skryf. | | |
| beplan om 'n opstel te skryf. | | |
| 'n storie skryf. | | |
| 'n storie op grond van illustrasies en opskrifte voorspel. | | |
| die karakters, agtergrond en intrige van 'n storie bespreek. | | |
| 'n outobiografie identifiseer. | | |
| 'n boekresensie skryf. | | |
| oorganklike en onoorganklike werkwoorde herken en gebruik. | | |
| verskillende soorte tekste en konvensies herken. | | |

Inhoud



## Tema 4: Ons lees fiksie


**Ons lees 'n storie**
**Kwartaal 2: Week 5 - 6**

**49 Ons lees 'n storie 102**
Pre-lees: bespreking gebaseer op illustrasies en opskrifte.
Beantwoord begripsvrae gebaseer op die storie mondelings.
Teken nuwe woorde en betekenisse in eie woordeboek aan.

**50 Dink na oor die karakters 104**
Identifiseer byvoeglike naamwoorde om die hoofkarakter te beskryf.
Konsentreer op menslike eienskappe.
Skryf 'n beskrywing van die karakter.
Voltooi 'n lys karaktertrekke van 'n karakter uit die werklike lewe.
Skryf 'n beskrywing van so 'n karakter.

**51 Skryf 'n storie met geloofwaardige karakters 106**
Die storie moet 'n begin, 'n middel en 'n einde hê.
Bespreking van die betekenis van voorvoegsels en agtervoegsels.
Teken nuwe woorde en hul betekenisse in eie woordeboek aan.

**52 Jacob gee moed op 108**
Pre-leesaktiwiteit.
Lees 'n aktuele storie.
Beantwoord begripsvrae gebaseer op die teks.
Teken nuwe woorde en betekenisse in eie woordeboek aan.

**53 Wat vertel die storie ons nog? 110**
Kyk na idiome en beeldspraak wat in die storie vervat is.
Soek sinonieme in die storie.
Skryf 'n dagboekinskrywing om die storie op te som.
Skryf 'n karakterskets oor die hoofkarakter.
Onderstreep voorsetsels.

**54 Beplan 'n storie 112**
Gebruik 'n geheuekaart om 'n storie te beplan deur op die karakters, agtergrond, intrige en slot te konsentreer.
Korrigeer jou eie en jou maat se storie.
Skryf die storie netjies oor in die ruimte wat voorsien word.
Teken nuwe woorde en hul betekenisse in eie woordeboek aan.

**55 Dit het 'n rukkie vantevore gebeur 114**
Bespreking van die drie tydsvorme, asook die hulpwerkwoorde **het** en **sal**.
Identifiseer woordsoorte in sinne.
Bespreking van enkelvoudige sinne, en bekendstelling met bepalings.
Identifiseer die onderwerp, die gesegde en die voorwerp.
Verander die woordorde.
Kyk na leenwoorde.

**Ons lees vir inligting**
**Kwartaal 2: Week 7 - 8**

**56 Onderhoud met 'n sokkerster 116**
Lees die onderhoud weer en gebruik visuele leidrade.
Beantwoord begripsvrae gebaseer op die teks.
Voer 'n onderhoud met 'n suksesvolle persoon.

**57 Sokker, sokker, net waar jy kyk 118**
Pre-leesaktiwiteite gebaseer op kontekstuele en visuele leidrade.
Lees tabelle met sokkerstatistiek.
Lees 'n ligatabel.
Beantwoord vrae gebaseer op grafiese teks en tabelle.

**58 Die geskiedenis van sokker 120**
Lees 'n webblad oor die geskiedenis van sokker.
Beantwoord vrae gebaseer op die teks mondelings.
Hersien afleidings en samestellings.

**59 Skryf 'n inligtingsteks 122**
Bespreek 'n sport of stokperdjie.
Beplan om 'n inligtingsteks aan die hand van ses stappe te skryf.
Skryf die inligtingsteks in logiese volgorde.
Teken nuwe woorde en hul betekenisse in eie woordeboek aan.

**60 Beskrywende taal 124**
Meer omtrent byvoeglike naamwoorde.
Bespreking van bywoorde.
Identifiseer beskrywende woorde.
Gebruik byvoeglike naamwoorde om sinne te vorm.
Sorteer byvoeglike naamwoorde volgens tipe (getal, kleur, grootte, ens.).

**61 Alles hang af van die weer 126**
Pre-leesaktiwiteit en bespreking oor die weer.
Lees drie ingewikkelde weerkaarte en beantwoord vrae daarop gebaseer.
Skryf afkortings volledig uit.
Kyk na akronieme.
Teken nuwe woorde en betekenisse in eie woordeboek aan.

**62 Die watersiklus 128**
Lees 'n geannoteerde diagram.
Verduidelik die diagram vir 'n maat.
Skryf die verskillende fases neer wat in die diagram gewys word.
Teken nuwe woorde en hul betekenisse in eie woordeboek aan.

**63 Skryf 'n inligtingsteks 130**
Beplan en besluit oor 'n onderwerp.
Konsentreer op die inleiding, navorsing, kundige menings, diagramme en opskrifte wat gebruik moet word.
Skryf die inligtingsteks netjies uit.

**64 Wat wys vanaand? 132**
Bestudeer 'n TV-gids en beantwoord vrae wat daarop gebaseer is.

**Ek ken my werk! 133**
Verbind die woorde en sinsgedeeltes met hul betekenisse.




# Ons lees 'n storie






Ons lees vandag die storie van 'n legendariese Afrikaspinnekop wat Anansi genoem word. Wanneer jy die storie lees, konsentreer op sy karakter. Hy kan jou maklik kul.

**Voordat jy lees**
- Kyk na die prente en opskrifte en probeer voorspel waaroor die teks sal handel.
- Vluglees die bladsy om 'n aanduiding van die inhoud te kry.

**Terwyl jy lees**
- Vergelyk jou voorspellings met die teks.
- As daar iets is wat jy nie verstaan nie, lees dit weer stadig deur. Lees dit hardop.

## Hoe die spinnekop sy dun bene gekry het

Eendag, lank gelede, was daar 'n spinnekop met die naam Anansi. Al was Anansi 'n baie goeie kok, was hy bietjie lui. Dus het hy verkies om die kos te eet wat ander in die dorp vir hulleself en hul gesinne gekook het.



Eendag het hy by Haas se huis aangekom. Haas was 'n goeie vriend.

"Daar is groente in jou kastrol," roep Anansi opgewonde uit. Hy is baie lief vir groente.

"Dit is nog nie heeltemal gaar nie," sê Haas. "Maar dit sal net-nou reg wees. Bly hier, dan eet jy saam met my."

"Ek sou graag wil, Haas, maar ek het dinge om te doen," antwoord Anansi haastig. Hy is bang dat, as hy by Haas se huis bly, Haas hom werkies sal gee om te doen.

Hy wil nie op die ou end die skottelgoed was nie.

"Ek sê jou wat," sê Anansi. "Ek sal 'n web spin. Ek sal die een punt aan my been vasmaak en die ander een aan jou kastrol. As die groente gaar is, gee net 'n pluk aan die spindraad en dan hardloop ek terug!"

Haas dink dis 'n briljante idee. En toe maak hulle so.

"Ek ruik boontjies," snuif Anansi opgewonde terwyl hy verder drentel. "Heerlike boontjies wat in 'n kastrol kook."

"Kom eet saam van ons boontjies," roep die apies. "Dit is amper gaar."

"Ek sou graag wil, pa Apie," sê Anansi. Weer stel hy voor dat hy 'n web spin waarvan een punt aan sy been en die ander punt aan die kastrol vol bone vasgebind word.

Pa Apie dink toe dis 'n blink gedagte. Al sy kinders dink ook so. Hulle maak toe ook so.





"Ek ruik patats," snuif Anansi vrolik terwyl hy verder slenter. "Patats met heuning. Hoe smaaklik!"


"Anansi," roep sy vriend Varkie. "Ek het 'n kastrol vol patats met heuning. Kom deel my kos met my."

"Ek sou graag wil," sê Anansi. En weer stel hy voor om 'n spindraad te spin met een punt wat aan sy been vas is en die ander een aan die kastrol.


Sy vriend Varkie dink dis 'n baie goeie plan. Hulle maak toe so.

Datum:





Teen die tyd dat Anansi by die rivier aankom, het hy 'n spindraad aan elkeen van sy agt pote.
"Dit was nou 'n gawe plan," sê Anansi trots vir homself. "Ek wonder wie se kastrol gaan die eerste reg wees? Ek sal vandag agt maaltye kan eet. Is ek nie gelukkig nie?"



Net toe voel Anansi 'n pluk aan sy been. "A," sê Anansi. "Dit is die spindraad wat aan Haas se groente vas is." Maar toe voel hy nog 'n pluk. En nog een. En toe word Anansi tegelyk in drie rigtings getrek.
"O aarde," sê Anansi toe hy die vierde spindraad voel pluk.
Net toe voel hy die vyfde pluk aan 'n draad. En die sesde! En die sewende! En die agtste! Anansi word hiernatoe en daarnatoe gepluk terwyl almal die spindrade gelyk trek. Sy bene word al dunner en dunner getrek.
Toe rol Anansi vinnig in die rivier in. Toe al die spindrade uiteindelik afgewas is, sleep Anansi homself pynlik uit die rivier uit.
"O einatjie tog," sug Anansi. "Miskien was dit toe tog nie so 'n goeie plan nie."
Tot vandag toe het Anansi die spinnekop agt baie dun bene. En hy het daardie dag geen kos gekry nie.



Ons praat



| |
|---|
| Waarom het Anansi besluit om nie by Haas se huis te wag totdat die groente gaar is nie? |
| Hoe het dit gebeur dat hy agt dun bene het? |
| Hoe het Anansi verhoed dat hy uitmekaar geskeur word? |
| Wat is die les in hierdie storie? Hoe weet ons dit is nie 'n ware verhaal nie? |
| Kyk na die prentjies en vertel die storie dan in die regte volgorde aan jou maat. |


ONDERWYSER: Teken ____ Datum ____

# Dink na oor die karakters



**Ons skryf**

Kyk aandagtig na wat Anansi in die storie sê en doen. Vul dan sommige van die **byvoeglike naamwoorde** in wat sy karakter beskryf.



Gebruik hierdie byvoeglike naamwoorde om 'n beskrywing van sy karakter te skryf.

**Ons skryf**

Beskryf nou die karakter van 'n regte persoon.

- Kies iemand waaroor jy wil skryf. Die persoon kan 'n held wees wat nog lewe of iemand wat reeds oorlede is.

| | |
|---|---|
| Die karakter se volle naam | |
| Geslag | |
| Ouderdom | |
| Fisiese voorkoms | |
| Beroep | |
| Talente of vaardighede | |
| Waarom jy hom/haar gekies het | |

- Maak 'n lys van karaktertrekke (eienskappe). Hou 'n dinkskrum saam met 'n maat oor jou lys. Gebruik soveel moontlik byvoeglike naamwoorde.
- Skryf by elke karaktertrek dinge wat die persoon gedoen of gesê het wat voorbeelde van daardie karaktertrek is.



Datum: ____________



**Ons doen**

Vul nou **byvoeglike naamwoorde** in wat die karakter wat jy gekies het, beskryf. Teken 'n prentjie of plak sy/haar foto in die spasie hieronder in.



Gebruik jou byvoeglike naamwoorde om 'n karaktersketss te skryf.
Bespreek die karakter met 'n maat. Skryf jou karaktersketss eers op rofwerkpapier.
Vra jou maat om dit te korrigeer, en jy kan syne of hare korrigeer.
Skryf jou skets dan netjies in die spasie hieronder oor.

ONDERWYSER: Teken ____________ Datum ____________

# 51 Skryf 'n storie met geloofwaardige karakters



Ons doen

Beplan jou storie.
Dink oor die intrige en die karakter na. Wys dan hoe die intrige en die karakter oor die fases van die storie heen ontwikkel. Vul 'n paar **byvoeglike naamwoorde** in om jou te help om jou karakter te ontwikkel.

- Gebruik 'n geheuekaart om jou te help om jou skryfstuk te beplan.
- Skryf dit eers op rofwerkpapier.
- Vra 'n maat om dit vir jou te korrigeer.
- Hersien jou teks en bring die nodige korreksies aan.
- Skryf dit dan netjies in jou boek oor.

| | |
|---|---|
| Begin | **Karakter**<br>______________________<br>______________________<br>**Intrige**<br>______________________<br>______________________ |
| Middel | **Karakter**<br>______________________<br>______________________<br>**Intrige**<br>______________________<br>______________________ |
| Einde | **Karakter**<br>______________________<br>______________________<br>**Intrige**<br>______________________<br>______________________ |



Datum:

Ons skryf

My storie van ______________________________

Begin

Middel

Einde

ONDERWYSER: Teken Datum

# 52 Jacob gee moed op



**Ons praat**

Kyk na die prentjies en die titel van die storie. Kyk nou of jy kan uitwerk waaroor die storie handel.
Oor watter soort karakters dink jy handel dit? Lees die storie vlugtig deur en kyk of jy kan voorspel waaroor dit handel.

**Ons lees**



Jacob behoort aan die Nuwedorp-sokkerklub. Hy en sy maats oefen elke dag ná skool om sokker te speel. Jacob hardloop saam met die span en oefen om sokker te speel asof dit sy laaste dag op aarde is. Hy oefen en oefen totdat sy spiere seer is.

Hy oefen sy balbeheer en hy oefen om selfs met toe oë doele te skop. Maar om die een of ander rede kies die afrigter hom nooit om in die span te speel nie. Jacob bly hoogstens as reserwespeler op die bankie sit en kry selde kans om te speel. Jacob droom daarvan om te speel. Hy droom hy teken die wendoel aan.


Toe, op 'n dag kort voordat die finale wedstryd gespeel word, gee Jacob moed op. "Dit is nie die moeite werd nie," sê hy vir sy ma. "Ek oefen so hard en ek loop nooit 'n oefensessie mis nie, maar die afrigter gee my nooit 'n kans om deel van die span te wees nie. Ek laat nou my droom vaar," sê hy moedeloos. "**Ek is op moedverloor se vlakte**."

"Moenie dit doen nie, Jacob," praat sy ma hom moed in. "Jy sal wel binnekort 'n kans kry."
"Die afrigter kies my nooit nie," antwoord hy treurig.
Toe, op die Saterdag voor die groot wedstryd, lees die afrigter die name van die span af. Jacob loer en sien sy naam is op die lys.
"Jacob, jy het baie hard geoefen. Jy speel in die voorspelerposisie. Onthou, dit is die finale wedstryd," waarsku hy.
Jacob **kan sy ore nie glo nie**.

Die groot dag breek aan en die skare gil en die vuvuzelas **bulk** oor die dorpie.

Toe daar een minuut oor is voor die eindfluitjie geblaas moet word, is die telling 0 – 0. Die Nuwedorpklub moet net nou 'n doel aanteken!
"Dis jou bal, Jacob," skree Jabu toe hy die bal na hom aangee.

Datum:



Jacob moet net 'n doel skop. Soos die wind steek hy die twee verdedigers verby. Hy swenk links en toe regs en verwar sy opponente heeltemal. Hy het die doelhok in sy visier. "Jacob! Jacob!" juig die skare hom toe. Dit is soos in sy droom. Maar toe, skielik, uit die bloute, trap 'n stewel teen sy enkel en val hy dawerend op die grond neer. "Vuil spel! Vuil spel!" roep die afrigter uit.

**"Twieet! Twieet!"** blaas die skeidsregter op sy fluitjie. "Vryskop aan Nuwedorpklub!" skree hy. "Jacob, jy moet skop."
Jacob sit die bal op die grond neer. Hy haal diep asem, stap twee groot treë terug, nes hy duisende kere gedoen het toe hy geoefen het. Hy konsentreer op die boonste regterhoek van die doelhok en skop met mag en krag. Die bal vlieg oor die doelwagter se kop en beland met 'n boog binne-in die net. Die skare gaan te kere van vreugde. Nuwedorp wen die kampioenskap.


"Ek het jou mos gesê," lag sy ma toe sy hom 'n drukkie gee. "**Aanhouer wen**."

Ons skryf

Wie is die karakters in die storie?

| Hoofkarakter(s) | Ander karakters |
|---|---|
| | |
| | |

Waarom het Jacob moed opgegee? Haal een sin aan wat vir ons sê dat hy moed verloor het.



Haal een sin uit die storie aan om te wys dat Jacob volhard het.

# Wat vertel die storie nog vir ons?



Ons skryf

Wat beteken hierdie idiome?

## Idiome



Hy kon sy ore nie glo nie.

Hy was op moedverloor se vlakte.

Aanhouer wen.

## Beeldspraak

Watter beeldspraak word hier gebruik?

die vuvuzelas bulk

twieet, twieet

die bal vlieg

Soek sinonieme in die storie vir hierdie woorde. Skryf dit in jou woordeboek.

| | | | |
|---|---|---|---|
| hartseer | | skree | |

Ons skryf

Verbeel jou jy is Jacob. Skryf in jou dagboek 'n opsomming van wat die dag gebeur het en hoe jy daaroor voel. Gebruik die woorde "eers het ek", "toe het ek" en "uiteindelik het ek".

Liewe Dagboek

Datum:

**Ons skryf**

Skryf nou 'n karaktersketс van Jacob.
Hou 'n dinkskrum saam met jou maats om beskrywende woorde te kry.
Vul sommige van die **byvoeglike naamwoorde** wat sy karakter beskryf, in.

Gebruik jou byvoeglike naamwoorde om 'n karaktersketс te skryf. Skryf dit eers op rofwerkpapier. Vra jou maat om dit te korrigeer, en jy kan syne of hare korrigeer. Skryf jou skets dan netjies in hierdie spasie oor.



Kyk uit na voorsetsels. 'n **Voorsetsel** is 'n woordsoort wat gebruik word om posisie of die verband tussen verskillende elemente aan te dui. Voorbeelde van voorsetsels is *op, onder, langs, aan, by, deur, in, naas, om en tussen.*

Onderstreep die voorsetsels in die volgende sinne.

| |
|---|
| Saterdag voor die wedstryd lees die afrigter die name van die spanlede. |
| Jacob bly as reserwespeler op die bankie sit. |
| Die ouers staan langs die veld en juig. |
| Ons het op die sokkerveld rondgehardloop. |

# Beplan 'n storie



- Gebruik 'n geheuekaart om jou te help om jou skryfstuk te beplan.
- Skryf dit eers op rofwerkpapier.
- Vra 'n maat om dit vir jou te korrigeer.
- Hersien jou teks en bring die nodige korreksies aan.
- Skryf dit dan netjies in jou boek oor.

**Ons skryf**

Praat met jou maat oor 'n storie wat jy wil skryf. Vul jou idees dan op hierdie bladsy in.

Wie is my karakters?

Waar vind die storie plaas?



Die titel van die storie

Wat gebeur in die storie?

Hoe eindig die storie?


**Ons skryf**

Bespreek jou plan met jou maat. Skryf jou storie dan op rofwerkpapier neer. Vra jou maat om dit te redigeer. Jy kan weer syne of hare redigeer. Skryf jou storie dan netjies op die teenoorstaande bladsy.



Datum:

# Ek skryf my storie





Die einde

ONDERWYSER: Teken Datum

# 55 Dit het 'n rukkie vantevore gebeur

## Tydsvorme

**Dit het op 'n ongespesifiseerde tyd in die verlede gebeur.**




In Afrikaans het ons net drie tye: die **teenwoordige tyd**, die **verlede tyd** en die **toekomende tyd**. Die werkwoord is die enigste woordsoort wat vir ons wys in watter tyd 'n sin is. Die twee hulpwerkwoorde wat die **werkwoord** help, is "het" en "sal". Let op na die woordorde van die sinne.



**Ons skryf**

Onderstreep **het** en omkring die werkwoord.

| | |
|---|---|
| 1. | Sy het daardie fliek al twintig keer gesien. |
| 2. | Ek dink ek het hom een maal vantevore gesien. |
| 3. | Daar het baie oorstromings in KwaZulu-Natal voorgekom. |
| 4. | Mense het ruimtereise onderneem. |
| 5. | Het jy die boek al gelees? |
| 6. | Ek het daardie fliek gesien. |
| 7. | Ek het al etlike kere met hom oor sy swak maniere gepraat. |
| 8. | Ons het al baie keer Kaapstad toe gery. |
| 9. | Ek het ongelukkig jou boek verloor. |
| 10. | Hy het ons al baie besoek. |

Ons weet reeds: 'n Enkelvoudige sin bestaan uit 'n onderwerp, 'n gesegde (die werkwoordgedeelte van die sin) en 'n voorwerp.

Ons leer: Enkelvoudige sinne kan ook **bepalings** hê. Indien die **selfstandige naamwoord** of die **werkwoord** beskryf word, word die beskrywende woord die **bepaling** genoem.

Omkring in die volgende sinne die **gesegde** (die werkwoordgedeelte), en dan onderstreep jy die **onderwerp** met **rooi**, die **voorwerp** met **groen** en die **bepaling** met **blou**.

Jacob skop die rooi bal hard.

Nuwedorpskool wen die spanningsvolle wedstryd.

Die vrolike kinders vier hul oorwinning uitbundig.

Die verligte afrigter wens die seuns geluk.

Datum: ____________

# Woordorde



**Ons skryf**

Verander hierdie sinne na die **verlede tyd**.
Vul die **hulpwerkwoord** in die eerste oop spasie in,
en dan die regte vorm van die **werkwoord** aan die einde van die sin.

Hy het ons dikwels besoek. (besoek)

Ek ______ my sonbril ______. (soek)

Sy ______ daardie fliek al drie keer ______. (sien)

Sy ______ my boek uiteindelik ______. (terugbring)

Hulle ______ verskeie kere dieselfde fout ______. (maak)

Hulle ______ die skottelgoed ______. (was)

Ons ______ baie stories in hierdie boek ______. (lees)

Ons ______ al ons huiswerk ______. (klaarmaak)

Ons ______ die storie al vantevore ______. (hoor)

Jy ______ Polokwane toe ______. (gaan)

Onthou: woorde wat met die volgende voorvoegsels begin, kry nie **ge**- by nie: be-, her-, er-, on- en ont-. (Byvoorbeeld nie geonthou nie.)

Kom ons kyk na 'n paar leenwoorde.



| Taal | Woord |
|---|---|
| Engels | krieket |
| Italiaans | macaroni |
| Spaans | kafeteria |
| Khoi | kierie |

**Leenwoorde** is woorde wat Afrikaans uit ander tale "geleen" het en wat tot vandag toe in die Afrikaanse taal gebruik word.



ONDERWYSER: Teken ____________ Datum ____________

# Onderhoud met 'n sokkerster



Watter Suid-Afrikaanse sportsterre dink jy blink regtig uit in hulle sport?
Waarom dink jy is hulle so suksesvol?
Wat weet jy van hul karakter?





**Voordat jy lees**
- Kyk na die prente en opskrifte en probeer voorspel waaroor die teks sal handel.
- Vluglees die bladsy om 'n aanduiding van die inhoud te kry.

**Terwyl jy lees**
- Vergelyk jou voorspellings met die teks.
- As daar iets is wat jy nie verstaan nie, lees dit weer stadig deur. Lees dit hardop.

## Vind meer uit omtrent 'n uiters suksesvolle sokkerster.

### *Noko Alice Matlou*

Wanneer mense oor sokker praat, is die sterre wat hulle noem gewoonlik mans. Maar een van Suid-Afrika se beste voetbalspelers is 'n vrou: Noko Alice Matlou. Matlou is in 2009 deur die Konfederasie van Afrika-voetbal as Afrika se kampioenspeler van die jaar aangewys. Sy was die eerste Suid-Afrikaner wat hierdie toekenning nog ooit ontvang het.

Lees hierdie onderhoud met Matlou om meer omtrent haar uit te vind.

**Waar is jy gebore en waar woon jy nou?**
*Ek is in Molegie, Gaphaud, in Limpopo gebore. Dit is waar ek nog steeds woon.*

**Wanneer het jy die eerste keer in sport begin belangstel?**
*Ek het op laerskool begin sokker speel. Ek het sport toe reeds geniet, en ek het goed presteer in atletiek en sokker. Ek het ook gehardloop en was baie vinnig, veral in die 100 en 200 meter. Toe ek op skool was, was ek 'n kortafstandatleet en het ek 'n paar rekords opgestel. Daarna het ek in 2000 professionele voetbal gespeel vir die Brasiliaanse Vroueklub. In 2007 het ek vir Banyana Banyana begin speel.*

**Hoe bly jy fiks?**
*Ek oefen twee keer per dag. Ek staan soggens vroeg op en gaan draf 'n halfuur lank. Van 15:00 af oefen ek omtrent drie ure lank. Dit is wanneer ek my balvaardighede oefen.*

**Watter raad kan jy aan ander jongmense gee?**
*Oefen hard, dan kom die spel sommer maklik.*



Datum:



## Ons skryf

Nadat jy die artikel oor Matlou en die onderhoud met haar gelees het, beantwoord hierdie vrae.

Watter prestasies het Matlou behaal?

Hoe weet ons dat Matlou toegewyd is aan sokker? Gee redes uit die berig.

Hoe het haar sokkerloopbaan begin?

## Ons doen

Laat jou maat voorgee dat hy of sy 'n sportster is. Voer dan 'n onderhoud met jou maat om meer omtrent sy of haar prestasies uit te vind.

Jy sal die volgende moet uitvind:


- Wanneer en hoe hy of sy in die sportsoort begin belangstel het
- Sy of haar belangrikste prestasies
- Watter boodskap hy of sy vir ander jongmense het

## Ons skryf

Kies nou iemand in jou skool of gemeenskap wat volgens jou talentvol in sport is. Vra die persoon of jy 'n onderhoud met hom of haar kan voer. Kry tydens die onderhoud antwoorde op die vrae hieronder.

Skryf dan 'n karakterskets oor die persoon.

- Hoe was jou kinderdae? Wanneer het jy in sport begin belangstel?
- Wat is die belangrikste prestasies wat jy behaal het?
- Watter boodskap het jy vir ander jongmense in Suid-Afrika?



ONDERWYSER: Teken Datum

# 57 Sokker, sokker, net waar jy kyk




- Watter sportsoort beoefen jy graag, of na watter sport kyk jy graag?
- Wie is jou gunstelingsportman of -vrou? Waarom?
- Wat dink jy is nodig om 'n sportkampioen te kan word?
- Wie is Suid-Afrika se kampioene in sportsoorte soos sokker, atletiek en swem? Watter ander sportsterre ken jy?











In 2010 was Suid-Afrika die gasheer vir die FIFA-Wêreldbekersokkertoernooi. Duisende toeskouers het die tien stadions besoek om die wedstryde te sien. Sokkerspanne van dwarsoor die wêreld het hiernatoe gekom om in die Wêreldbeker mee te ding.
Wat weet jy van die 2010-Wêreldbekersokkertoernooi?
Lees die inligting in die onderstaande tabelle en beantwoord dan die vrae wat daarop volg.

Tabel 1: 2010-Wêreldbekersokkerstadions

| Stad | Stadion | Aantal sitplekke vir toeskouers |
|---|---|---|
| Kaapstad | Groenpunt | 40 000 |
| Bloemfontein | Vrystaat | 70 000 |
| Durban | Moses Mabhida | 60 000 |
| Johannesburg | Ellispark | 95 000 |
| Johannesburg | Soccer City | 40 000 |
| Nelspruit | Mbombela | 40 000 |
| Polokwane | Peter Mokaba | 40 000 |
| Rustenburg | Koninklike Bafokeng | 45 000 |
| Pretoria | Loftus Versfeld | 45 000 |
| Port Elizabeth | Nelson Mandelabaai | 50 000 |



| Tabel 2: Uitslae van die 2010-FIFA-Wêreldbekersokkertoernooi | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Kwarteindrondte** | | | | |
| Datum | Stadion | Land 1 | Land 2 | Telling |
| 2 Julie 2010 | Nelson Mandelabaai, Port Elizabeth | Nederland | Brasilië | 2:1 |
| 2 Julie 2010 | Soccer City, Johannesburg | Uruguay | Ghana | 1:1 |
| 3 Julie 2010 | Groenpunt, Kaapstad | Argentinië | Duitsland | 0:4 |
| 3 Julie 2010 | Ellispark, Johannesburg | Paraguay | Spanje | 0:1 |
| **Halfeindrondte** | | | | |
| 6 Julie 2010 | Groenpunt, Kaapstad | Uruguay | Nederland | 2:3 |
| 7 Julie 2010 | Moses Mabhida, Durban | Duitsland | Spanje | 0:1 |
| **Eindwedstryd** | | | | |
| 11 Julie 2010 | Soccer City, Johannesburg | Nederland | Spanje | 0:1 |




Ons skryf

Gebruik die inligting in tabel 1 en 2 om die volgende vrae te beantwoord. Skryf jou antwoorde in die ruimte wat voorsien word.

| | |
|---|---|
| Watter stadion is die grootste? | |
| Vir hoeveel toeskouers is dit bedoel? | |
| Wanneer is die laaste wedstryd gespeel? | |
| Waar is dit gespeel? | |
| In watter stadion is dit gespeel? | |

Watter lande het aan die kwarteindrondte deelgeneem?

| | | | |
|---|---|---|---|
| | | | |
| | | | |



| | |
|---|---|
| Wanneer het Ghana gespeel? | |
| Teen watter land het Ghana gespeel? | |
| Wat was die telling toe Ghana gespeel het? | |
| Waar het Ghana gespeel? | |
| Watter span het in die eindwedstryd gewen? | |
| Wat was die telling? | |

ONDERWYSER: Teken ____________ Datum ____________

# Die geskiedenis van sokker





Ons lees



## Die Chinese

Honderde jare gelede, ongeveer in die jaar 400 v.C., het soldate in China 'n spel genaamd "Tsu'Chu" gespeel wat die voorloper van sokker was. Die spelers het 'n bal wat vol vere geprop was, geskop na 'n net wat omtrent 40 cm breed was en wat aan twee bamboespale vasgemaak was.

## Die Japannese

Later jare, in ongeveer 60 n.C., het Japan sy eie weergawe van sokker gehad wat "Kemari" genoem is. Die spelers het in 'n kring gestaan en die bal na mekaar geskop sonder dat die bal ooit die grond geraak het. Ons ken hierdie speletjie, of hoe?





**Voordat jy lees**

- Kyk na die prente en opskrifte en probeer voorspel waaroor die teks sal handel.
- Vluglees die bladsy om 'n aanduiding van die inhoud te kry.

**Terwyl jy lees**

- Vergelyk jou voorspellings met die teks.
- As daar iets is wat jy nie verstaan nie, lees dit weer stadig deur. Lees dit hardop.

## Die Grieke


Die Grieke het ook 'n soort sokker beoefen wat as "Episkyros" bekend was, waartydens die bal geskop en gedra is. Dit is gespeel deur twee spanne wat selfs tot 27 spelers elk kon hê! Dit was soortgelyk aan dit wat ons vandag rugby noem.



## Die Romeine

Die Romeinse weergawe van sokker is "Harpastum" genoem. Dit is ook deur twee spanne met 27 spelers aan elke kant gespeel. Mense het daarvan gehou om dit te speel en daarna te kyk. Groot skares mense het die Harpastum-spele bygewoon, wat dikwels plaasgevind het in strukture soortgelyk aan die stadions wat ons vandag ken. Smouse wat pizza en spaghetti aan die pretlustige toeskouers verkoop het, het goeie besigheid gedoen!





Ons praat

- In watter lande het sokker ontwikkel?
- Hoe weet ons uit die webblad dat mense baie van sokker gehou het?
- Waarom is die spel onwettig verklaar? (Kyk die volgende bladsy vir die antwoord.)


## In Engeland

In Engeland het gewone mense van 'n hele dorpie byeengekom om 'n bal deur die strate en in die veld heen en weer te skop. Dit was 'n wrede spel. Mense het mekaar gestoot en gestamp, en baie van hulle het seergekry. Daar het geen reëls vir die spel bestaan nie en dit was uiters gevaarlik om dit te speel. Hulle het die spel "shrovetide football" genoem. Groter en kleiner dorpe het teen mekaar gespeel, en honderde mense het deelgeneem aan wedstryde, wat die hele dag lank kon duur. Die bal kon in die strate af, in die water, deur die mark, op die dakke of na enige ander plek geskop word. Daar was geen skeidsregters, geen onkant, geen ingooie, geen hoekskoppe, geen doelskoppe, geen skepskoppe en geen spelerposisies nie. Dit is geen wonder dat baie mense op die ou end met gebreekte arms en bene en met hoofbeserings gesit het nie.



## SOKKER, 'N ONWETTIGE SPORT

In 1314 het koning Eduard II die hoofburgemeester van Londen beveel om die speel van voetbal in die stad onwettig te verklaar. Die rede daarvoor was die lawaai wat dit veroorsaak het, en die besering van die spelers. Koningin Elizabeth I het sokkerspelers later vir 'n hele week tronk toe gestuur.
Niks kon egter die spel keer nie. Mense het die kans gewaag om toegesluit te word omdat hulle so lief was vir die spel.



## Die heel eerste reëls

Die eerste sokkerreëls is in 1815 bekendgestel.
Die beroemde Engelse skool, Eton College, het 'n stel reëls opgestel om meer dissipline in die spel te verseker. Dit was die begin van voetbal soos ons dit vandag ken.

## 'N WÊRELDWYE OBSESSIE

Die bekendstelling van amptelike reëls het sokker nog gewilder gemaak. Die spel het vinnig oor die hele Brittanje versprei en kort voor lank by Europa en die res van die wêreld uitgekom. Die heel eerste Wêreldbeker het in 1930 plaasgevind. Hierdie kompetisie vind sedertdien elke vier jaar plaas, en dit is 'n teken van hoe gewild die spel oral is – trouens, sokker is vandag die gewildste sportsoort ter wêreld.

Onthou jy nog hoe woorde gevorm word? Ons kry:

- Basis- of stamwoorde
- Afleidings (basis + voorvoegsel en/of agtervoegsel)
- Samestellings (basis + basis)

ONDERWYSER: Teken ______ Datum ______

# Skryf 'n inligtingsteks




**Ons skryf**

Skryf oor 'n sportsoort (of enige ander stokperdjie) wat jy goed ken. Moenie oor sokker skryf nie. Kies 'n ander sport of stokperdjie.


- Beplan jou skryfwerk. Hou 'n dinkskrum saam met maats en voltooi dan die breinkaart.
- Skryf jou eerste weergawe op rofwerkpapier neer en vra 'n maat om dit vir jou te redigeer.
- Skryf jou teks netjies neer in die ruimte op die oorkantste bladsy.



1. Wat is jou sport of stokperdjie?
2. Wie is die leiers op hierdie gebied?
3. Wat is die geskiedenis van jou sport/stokperdjie?



4. Wat is die reëls van jou sport?
5. Hoe gewild is dit?
6. Waar word dit gespeel?



| | |
|---|---|
| Wat is jou sport of stokperdjie? | |
| Wie is die leiers op hierdie gebied? | |
| Wat is die geskiedenis van jou sport/stokperdjie? | |
| Wat is die reëls van jou sport? | |
| Hoe gewild is dit? | |
| Waar word dit gespeel? | |



ONDERWYSER: Teken ____________ Datum ____________

# 60 Beskrywende taal

**Meer omtrent byvoeglike naamwoorde**

'n **Byvoeglike naamwoord** is 'n woord wat 'n selfstandige naamwoord beskryf. Byvoeglike naamwoorde vertel jou hoe 'n persoon, plek of ding is of lyk.

"Hond" is byvoorbeeld 'n selfstandige naamwoord, maar watter soort hond is dit?

Die "**groot, bruin, harige**" hond vertel ons meer omtrent daardie hond.

**Bywoorde** is woorde wat enige ander woordsoorte beskryf, behalwe die selfstandige naamwoord, bv. Hy het **vinnig** op sy fiets gery.

Hoe het hy gery (werkwoord)?

**Vinnig** is dus die **bywoord.**

'n Woord se woordsoortlikheid blyk uit die sinsverband. Dieselfde woord kan dus in verskillende sinne tot verskillende woordsoorte behoort, bv.:

- Die seun is **vinnig**. Hier beskryf dit dit die selfstandige naamwoord, dus is dit 'n byvoeglike naamwoord.
- Hy hardloop **vinnig**. Hier beskryf dit die werkwoord, dus is dit 'n bywoord.
- Dieselfde beskrywende woord kan dus tot verskillende woordsoorte behoort.





Ons skryf

Trek 'n streep deur die woorde wat nie beskrywende woorde (dit wil sê byvoeglike naamwoorde of bywoorde) is nie.

| | | | |
|---|---|---|---|
| groot | vinnig | papier | krakerig |
| maer | stadig | blink | smaaklik |
| rooi | hardloop | sag | lepel |
| gou | nuwe | warm | groen |

Gebruik dan vyf van die **beskrywende woorde** in sinne om **selfstandige naamwoorde** te beskryf.

Ons skryf

Onderstreep die **byvoeglike naamwoord(e)** in elke sin.



| |
|---|
| Daar sal blou en rooi sitplekke in die nuwe stadion wees. |
| Daar was sagte kussings en warm komberse op die ou bed. |
| ’n Beroemde kunstenaar het die pragtige prente in jou boek geskilder. |
| Ek is op pad na Elsa se huis om na haar nuwe rooi fiets te kyk. |
| Die slimme Jabu het 'n smaaklike sjokoladekoek gebak. |
| Dit is 'n klein, bruin, uitgelate voëltjie. |
| Dolfyne is veel kleiner as walvisse. |
| Die klein, stil, grys kat krap aan die groot, blink houttafel. |



Ons skryf

Sorteer nou die **byvoeglike naamwoorde** wat jy onderstreep het op hierdie kaarte.

| Aantal | Kleur | Smaak of reuk |
|---|---|---|
| | | |

| Soort | Grootte | Klank |
|---|---|---|
| | | |

# 61 Alles hang af van die weer




**Ons praat**

- Van watter tipe weer hou jy die meeste? Hoekom?
- Waarom is dit belangrik dat ons moet weet hoe die weer môre of volgende week gaan lyk?
- Luister jy ooit na die weervoorspelling? Waarom?
- Hoe lyk die weer vandag?
- Beskryf hoe die weer tydens die verskillende seisoene lyk op die plek waar jy bly.
- Sou jy graag wou trek na 'n plek waar dit baie warm of baie koud is? Waarom?

Kyk na die weerkaart en vul die tabel hieronder in.

**Ons lees**






Skryf die weerstoestande en die temperatuur vir die volgende stede neer:

| Stad | Minimum temperatuur | Maksimum temperatuur | Beskryf die weerstoestande. |
|---|---|---|---|
| Polokwane | | | |
| Johannesburg | | | |
| Bloemfontein | | | |
| Durban | | | |
| Upington | | | |
| Mtatha | | | |
| George | | | |

Skryf die antwoorde op hierdie vrae neer.

Waar is die twee warmste plekke in Suid-Afrika? Gee die naam en die temperatuur van hierdie twee plekke.

______________________________

______________________________

In watter stad reën dit? ______________________________

Watter stad ondervind 'n koue front? ______________________________

**Ons skryf**

Noem een dorp of stad waar dit bewolk is. ______________________________

Waar kom die laagste temperatuur voor en wat is dit? ______________________________

Wat is die windspoed en die windrigting? ______________________________


Waar sou jy 'n donderstorm verwag? ______________________________

In watter stad is dit gedeeltelik bewolk? ______________________________




Kyk na die prentjie hieronder. Hierdie soort prent word 'n lyngrafiek genoem. Let op dat elke lyn in 'n ander kleur is. Wat vertel die lyne vir ons? Die antwoord verskyn links van die grafiek.

**Kaapstad, Suid-Afrika Klimaatgrafiek (Hoogte: 42 m)**




Skryf in die tabel watter kleur lyn die volgende aanwys:

| | | | |
|---|---|---|---|
| Gemiddelde temperatuur | | Die seetemperatuur | |
| Gemiddelde aantal ure sonlig elke dag | | Die humiditeit | |
| Aantal dae met ryp | | Die windspoed | |




Werk saam met 'n maat. Kyk weer na die kaart en beantwoord die volgende vrae:

- Wat was die minimum temperatuur aan die einde van September?
- Wat was die gemiddelde aantal sonligure aan die einde van Februarie?
- In watter maand was die humiditeit die hoogste?
- In watter maand was die seetemperatuur die koudste?
- In watter maand was die temperatuur op sy hoogste?
- In watter maande het dit die meeste gereën?




Op die weerkaart word verskeie afkortings gebruik. Skryf die afkortings volledig uit.

| Afkorting | Woord | Afkorting | Woord | Afkorting | Woord |
|---|---|---|---|---|---|
| m | | °C | | min | |
| mm | | % | | Apr | |

Soek in 'n woordeboek op waarvoor die volgende akronieme staan:

| | |
|---|---|
| SASOL | |
| ABSA | |
| Unisa | |

**Akronieme** (letterwoorde) is afkortings wat soos woorde optree. Dit bestaan uit die eerste letters van ander woorde en word soos 'n woord uitgespreek, bv. Soweto vir South Western Townships.

ONDERWYSER: Teken ______ Datum ______

# Die watersiklus







Alle lewe op aarde is afhanklik van water. Afgesien van die lug wat ons inasem, is water die belangrikste stof vir alle lewende dinge. Daarsonder kan lewende wesens nie bestaan nie. As ons nie genoeg water in ons liggame het nie, kan afvalstowwe nie uitgeskei word nie. Dit sou baie dele van ons liggame raak en siektes veroorsaak.

Ons moet die watersiklus verstaan om te begryp waar water vandaan kom. Die watersiklus is die nimmereindigende beweging van water tussen die see, die land en die lug.

In die prentjie hieronder word verduidelik en gewys wat in die watersiklus gebeur.




1 **Verdamping**
Die son verhit die water in riviere of oseane en verander dit in waterdamp.

2 **Kondensasie**
Wanneer die waterdamp in die lug afkoel, kondenseer dit en verander in wolke.

3 **Presipitasie (neerslag)**
Wanneer baie water gekondenseer het, kan die lug dit nie meer bo hou nie. Die wolke word swaar, en die water val terug aarde toe in die vorm van

- Hael
- Sneeu
- Ysreën
- Reën

4 Wanneer die water uiteindelik op die land val, syfer dit in die grond in en word grondwater wat plante en diere gebruik. Dit kan ook in riviere, mere en oseane beland, en dan begin die siklus van voor af.



Ons praat

Kyk weer na die diagram van die watersiklus. Verduidelik vir mekaar hoe die watersiklus werk. Gebruik die volgende woorde in jou verduideliking: verdamping, kondensasie en presipitasie.

- Gebruik 'n geheuekaart om jou te help om jou skryfstuk te beplan.
- Skryf dit eers op rofwerkpapier.
- Vra 'n maat om dit vir jou te korrigeer.
- Hersien jou teks en bring die nodige korreksies aan.
- Skryf dit dan netjies in jou boek oor.

In die diagram word 'n siklus (dinge wat in 'n vasgestelde volgorde gebeur) gewys.

Skryf nou 'n sin om te beskryf wat in elke fase van die siklus gebeur.

- Fase 1:

- Fase 2:

- Fase 3:

# 63 Skryf ’n inligtingsteks

Jy het oor die afgelope twee weke ’n aantal verskillende soorte inligtingstekste gelees.
Beplan om jou eie inligtingsteks te skryf.
Jy moet ’n onderwerp kies en dan navorsing daaroor doen deur ’n naslaanboek of die internet te gebruik.
Voltooi hierdie geheuekaart om jou met jou beplanning te help.

- Gebruik ’n geheuekaart om jou te help om jou skryfstuk te beplan.
- Skryf dit eers op rofwerkpapier.
- Vra ’n maat om dit vir jou te korrigeer.
- Hersien jou teks en bring die nodige korreksies aan.
- Skryf dit dan netjies in jou boek oor.

## My onderwerp



1 My onderwerp

2 Wat ek uit my navorsing geleer het

3 Wat die kundiges van die onderwerp sê

4 Diagramme of prentjies wat ek kan invoeg

5 Die opskrifte wat ek sal gebruik





**Ons skryf**

Skryf jou inligtingsteks eers as rofwerk. Vra 'n maat om jou werk te redigeer. Hy of sy moet jou spelling en punktuasie asook die logiese vloei en opeenvolging van jou gedagtes nagaan. Maak seker dat jy opskrifte gebruik en dat jou diagramme of kaarte dit wat jy wil oordra, verduidelik.

1

2

3

4

ONDERWYSER: Teken ____________ Datum ____________

# Wat wys vanaand?





Gebruik jy ooit 'n TV-gids? Kyk aandagtig na hierdie TV-gids. Vertel vir jou maat watter programme jy graag sou wil kyk. Sê op watter kanaal die program is en hoe laat dit vertoon gaan word.



Ons praat

Die onderstaande is 'n uittreksel uit 'n TV-gids. Dus verskyn die name net soos dit in die gids verskyn.

| Channel SABC 1 | | Channel SABC 2 | | Channel SABC 3 | | Channel Magic World | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 17:00 | Captain Planet (Kids) | 17:00 | Dragon Ball (Kids) | 17:30 | Oprah Winfrey | 06:00 | Channel O |
| 17:28 | Listen for a moment | 17:30 | News | 18:30 | Isidingo | 12:00 | Infomercials |
| 17:30 | News headlines | 18:00 | Takalani Sesame (Kids) | 19:00 | News@7 | 13:00 | Koowee (Kids) |
| 18:00 | The Bold and the Beautiful | 18:30 | 7de Laan | 19:30 | School channel | 18:00 | Channel O |
| 10:30 | Sporting highlights | 19:00 | Nuus | 20:29 | News in 60 seconds | 19:00 | Studio Music |
| 19:00 | Main news | 10:30 | Pasella | 20:30 | Prison Break | 20:00 | A Brother with Perfect Timing |
| 20:00 | Weather in brief | 20:30 | Sport update | 21:15 | Weather for the week | 20:30 | Will it rain or shine? |



Ons skryf

Lees alles weer 'n keer deur en beantwoord dan hierdie vrae.





| | |
|---|---|
| Hoe laat sou jy Takalani Sesame kyk? | |
| Watter programme is alles sportprogramme? | |
| Watter programme vertel vir jou die nuus binne een minuut? | |
| Jy moet 'n opsomming van die nuus in die klas aanbied. Watter program sal jou die inligting gee wat jy nodig het om dit te doen? | |
| Watter programme sal jou inligting oor die weer gee? | |

**Ek ken my werk!**

**Verbind elke term met sy betekenis.**


| **Werk met woorde** | | **Betekenis** |
|---|---|---|
| Basisvorm | | basis + voorvoegsel en/of agtervoegsel |
| Afleiding | | 'n woord wat min of meer die teenoorgestelde betekenis as 'n ander woord uitdruk |
| Samestelling | | 'n woord wat uit 'n ander taal geleen is |
| Simpleks | | 'n woord wat min of meer dieselfde betekenis as 'n ander woord het |
| Kompleks | | 'n deeltjie van 'n woord |
| Sinoniem | | die kleinste betekenisvolle eenheid van 'n woord |
| Antoniem | | 'n woord wat uit net een basisvorm bestaan |
| Lettergreep | | 'n samestelling, afleiding of samestellende afleiding |
| Leenwoord | | 'n woord met 2 of meer basisvorme |
| **Werk met sinne** | | **Betekenis** |
| Enkelvoudige sin | | die naam van 'n persoon, plek of ding |
| Voorsetsel | | beskryf die selfstandige naamwoord |
| Saamgestelde sin | | verbind woorde, sinne en woordgroepe |
| Veelvoudige sin | | 'n woord wat enige ander woordsoorte beskryf, behalwe 'n selfstandige naamwoord |
| Gesegde | | het 'n gesegde, 'n onderwerp, 'n voorwerp en 'n bepaling |
| Onderwerp | | is die werkwoordelike gedeelte |
| Voorwerp | | help die werkwoord, bv. het, sal |
| Bepaling | | iemand of iets wat die handeling uitvoer |
| Voegwoord | | volg altyd na 'n oorganklike werkwoord (wie of wat?) |
| Byvoeglike naamwoord | | het altyd twee of meer gesegdes (werkwoorde). |
| Selfstandige naamwoord | | tweërlei betekenis geskep deur die manier waarop woorde of sinne gebruik word |
| Bywoord | | beskryf die selfstandige naamwoord of die werkwoord |
| Hulpwerkwoord | | het 'n hoofsin en bysinne |
| Dubbelsinnigheid | | dui posisie of die verband tussen verskillende elemente aan |

ONDERWYSER: Teken ______ Datum ______





GEN HL G6 B1 CUTOUTS.indb 2 2014/05/05 11:11 AM







## Instructions:



1. Cut off the instructions.
2. Fold the paper in half and in half again.
3. Unfold it and place it printed side down.
4. Fold up all 4 corners so that the points meet in the middle.




5. It should now look like this.
6. Flip it over.
7. Fold up all 4 corners so that the points meet in the middle.
8. It should now look like this.
9. Fold it in half.
10. Work your fingers into the corners so that the creases form the four points.

## How to use the Fun Finger Fortune:

1. Have a friend ask a "Yes or No" question. (like "am I pretty?" or "Does Sam like me?")
2. Ask them to pick a color. Spell out the color "R" - "E" - "D" while opening and closing the Fun Finger Fortune Teller in opposite directions with each letter.
3. Then ask them to pick a number from where the Fortune Teller was left open after the last letter.
4. Now open and close the Fortune Teller in opposite direction that number of times.
5. Now have them pick one of the numbers showing. Pull up the flap with that number on it...
and your answer will be revealed.

GEN HL G6 B1 CUTOUTS.indb 1 2014/05/05 11:11 AM



GEN HL G6 B1 CUTOUTS.indb 2 2014/05/05 11:11 AM